


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 8, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2008 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Wat lê voor vir Amerika?

Te midde van die bedrywigste tyd in die Amerikaanse verkiesingstryd, het baie Amerikaners die Geheelbeeld uit die oog verloor! Waar is die Verenigde State *werklik* op pad heen? Is *enige* van die huidige presidensiële kandidate selfs in die geringste mate daartoe in staat om die werklike groot probleme wat die volgende Amerikaanse President sal konfronteer, op te los?

Verder mag daardie min Amerikaners wat werklik gewillig is om die God van die Bybel te glo en te vertrou, vra: Is ons spoggerige “demokratiese proses” werklik die *beste manier* om 'n nasie te bestuur?

Min mense beseft dat – gedeeltelik *as gevolg* van demokrasie – Amerika afstuur op 'n finansiële ramp, tensy groot veranderings plaasvind! Namate Stemdag nader kom, sal enigeen van die Demokratiese of Republikeinse genomineerdes die moed hê om aan die burgers te vertel presies hoe ernstig die probleem werklik is – en hoe dit elkeen van hulle se sak *moet* raak?

Vier jaar gelede het nie een van die belangrikste kandidate daardie moed gehad nie. Soos die *USA Today* in 'n voorbladartikel kort voor die 2004 verkiesing aangedui het: “Die Amerikaanse belastingbetalers het 'n verborge skuld van ten minste **\$53 biljoen** [ons

beklemtoning] in regeringsobligasies, meestal van *Medicare*, *Social Security* en federale skuld. Hierdie skuld is gelykstaande aan \$473,456 per huishouding wat die persoonlike skuld van \$84,454 per huishouding vir huislenings, motorfinansiering en ander lenings, verdwerg. Die federale regering sal die belasting moet verdubbel of die voordele onmiddellik met die helfte moet sny om sy beloftes gestand te doen om mediese hulp en pensioenvoordele aan afgetredenes te verskaf in die komende dekades. Beide die grootste politieke partye en die presidensiële kandidate het dit vermy om die probleem aan te spreek uit vrees dat hulle die kiesers sal kwaad maak” (4 Oktober 2004).

Het enigiets werklik verander? Die werklike skuld het natuurlik groter geword – die *USA Today* het nie lank gelede nie berig dat die skuld opgehoop het tot \$516,348 per huishouding. 'n Kolossale finansiële “ysberg” staan op die punt om “Oorlogskip Amerika” te tref, en moontlik selfs te kelder, maar die “vrees om die kiesers kwaad te maak” sal waarskynlik weer hierdie saak uit die publiek se oog hou gedurende hierdie verkiesingjaar!

Hoekom?

Omdat politici in ons moderne “demokrasieë” (of dit suiwer demokrasieë of

vertegenwoordigende republieke is) baie selektief moet wees oor watter feite hulle aan die kiesers bekend maak. Gewoonlik moet hulle die mense slegs dit vertel wat hulle wil hoor – of dit waar is al dan nie. Wanneer politici die publiek aan te veel realiteit blootstel, kom dit gewoonlik neer op politieke selfmoord! Die mees suksesvolle politici is gewoonlik dié wat die meeste belowe: “Ek sal julle belasting verminder en nogtans vir julle groter voordele gee”. **Dit** is “demokrasie aan die werk”.

Baie van die oorspronklike Amerikaanse leiers – George Washington, John Adams, Thomas Jefferson, Alexander Hamilton, Benjamin Franklin en andere – was besonder intelligent, hooggeletterd en uiters bekend met die Engelse gemene reg en die beginsels waarop die Amerikaanse demokrasie gebou was. Hulle agtergrond het hulle daartoe in staat gestel om “demokratiese” instellings te vestig en in stand te hou – ten minste vir 'n wyle. In teenstelling hiermee kan nie van die groot massas onopgevoede en wanopgevoede mense regoor die wêreld, wat nooit die geringste ondervinding met demokratiese waardes of instellings gehad het nie, geredelik verwag word om demokrasie te maak slaag nie. Baie van die eerste Amerikaanse leiers het hierdie feit besef. Die tweede President van Amerika, John Adams, het waarlik gesê: “Ons het nie 'n

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Wat lê voor vir Amerika?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Sewe redes waarom Christus MOET terugkeer! 3

Is die Wederkoms van Christus 'n mite of 'n versinnebeelding – of is dit die sleutel om u toekoms te verstaan?

Die einde van die Heelal? 9

Die mens het 'n natuurlike begeerte om die oorsprong en toekoms te ken. Ons sal daarvan hou om tot die verste uithoeke uit te reik. Ons beseft egter ook dat daar gevare is wat ons planeet in die gesig staar. Sal lewe op die Aarde oorleef? Sal die heelal oorleef? Is daar hoop vir ons toekoms?

Moederskap in gevaar 14

Ons nasies is in 'n kulturele en morele krisis. Indien u 'n moeder is, wat kan u doen om u kinders te beskerm teen die komende rampspoed?

Bestuur God wêreld-aangeleenthede? 19

Wat hou die toekoms in vir nasies van die wêreld? Het God enigiets met die toekoms te doen?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
 of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Sewe redes waarom Christus MOET terugkeer!

Deur Roderick C. Meredith

Is die Wederkoms van Christus 'n mite of 'n versinnebeelding – of is dit die sleutel om u toekoms te verstaan?

Jesus Christus het Sy volgelingen aangesê om te bid: "... laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" (Mattheus 6:10). Met al die verskriklike probleme van die samelewing reg rondom ons behoort dit duidelik te wees dat die Koninkryk van God nog nie hier is nie! Daar is egter hoop! Van die een kant van die Bybel tot die ander kant, vertel God se Woord ons dat die letterlike Koninkryk van God aan die einde van hierdie tydperk op die aarde gevestig sal word!

God lei hedendaagse Christene op om voor te berei om deel te wees van daardie regering met Christus aan die hoof. Nogtans lyk dit of miljoene belydende Christene salig onbewus is van hierdie opperste waarheid. Hulle is geleer om slegs maar te "glo" in die persoon van Christus en daarop staat te maak dat hulle "hemel-toe sal gaan" wanneer hulle sterf.

Ontelbare miljoene mense glo dat die Bybel se duidelike stellings aangaande Jesus Christus se letterlike Wederkoms

na hierdie aarde slegs te vinde is in 'n paar vae gedeeltes in die Ou Testament, of in onduidelike sinne van die geheimsinnige boek Openbaring. Aangesien hulle verkies om die "maklik-verstaanbare" of "inspirerende" dele uit die Evangelies of moontlik die Psalms te lees, weet hulle dikwels nie – of gee hulle nie om – wat die res van die Bybel regtig verkondig nie. Sodanige mense faal heeltemal om te verstaan dat die boodskap van Christus se Wederkoms en die Koninkryk van God *bykans die ganse Bybel deurdrenk* nie! Dit is ons hoop. Dit is 'n sleutel tot ons lotsbestemming!

Kyk hoe Jesus vir Petrus die apostel en die ander dissipels bemoedig het. Petrus het uitgeroep na Jesus: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?" Jesus het hul geantwoord: "Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Mattheus 19:27-28).

Jesus het duidelik van 'n letterlike regering gepraat wat hier op aarde gevestig gaan word! Dit is die rede waarom Hy ons aansê om te bid: "Laat u Koninkryk kom ... op die aarde".

Teen die einde van Jesus se fisiese lewe het Sy dissipels aan Hom gevra: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Mattheus 24:3). Jesus het aan hulle verskeie "tekens" gegee om voor uit te kyk wat sou aandui dat Sy Wederkoms op hande is. Ten spyte van traumatiese wêreldgebeure wat hierdie tekens vervul, "verstaan" baie miljoene mense dit baie duidelik nog nie. Jesus verduidelik ook: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van

die mens wees” (Mattheus 24:37-39).

Christus se Wederkoms voorspel

Die apostel Paulus beskryf Christus se Wederkoms op hierdie wyse: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees” (1 Thessalonicense 4:16-17).

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel die ware heiliges die neerdalende Christus “in die lug” sal ontmoet – dit die lug van hierdie aarde se atmosfeer is – belowe God nie aan Sy heiliges die ewige lewe “bo in die hemel” nie. Wanneer ons Handeling 1:11 lees, sien ons dat Christus op dieselfde wyse sal terugkeer na die Olyfberg vanwaar Hy opgevaar het. God se woord is baie spesifiek oor hierdie besondere punt. Die profeet Sagaria was geïnspireer om te skryf: “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg ...” (Sagaria 14:3-4). Christus sal dus letterlik weer 'n keer op daardie groot heuwel net oos van Jerusalem staan! Wat gebeur daarna?

“En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een” (vers 9). Christus die Koning

sal die aarde regeer vanuit Jerusalem, en “al die nasies” (vers 16) sal na Jerusalem gaan tydens Jesus se aardse heerskappy en leer hoe om God se feesdae te onderhou soos Hy ons beveel het. Jesus sal duidelik oor fisiese nasies hier op aarde regeer. Waarom behoort Jesus na die aarde terug te keer? Ons kom tog goed op ons eie reg, of hoe? Die meeste mense is tog relatief welvarend, gesond en gelukkig? Uit die oogpunt van 'n alwetende, liefhebbende God, is dit werklik nodig vir Jesus Christus om weer te kom en oor hierdie aarde te heers as Koning van konings? Natuurlik!

Laat ons nou sê se sleutelredes ondersoek waarom God die lewende Jesus Christus weer na die aarde terug sal stuur – hierdie keer met totale mag en onoortreflike heerlikheid – om die mensdom te red van selfvernietiging en om hulle die korrekte lewenswyse te leer.

Rede 1: Ons vermoë tot kosmiese vernietiging

Reeds in die 1950's het die wêreld bewus geword daarvan dat die mensdom binnekort hulself sal kan vernietig. President Dwight Eisenhower het gesê: “Die wetenskap skyn gereed te wees om, as laaste geskenk, die mag oor te dra om alle lewe van hierdie planeet uit te wis”.

Daardie tyd het 'n paar jaar later aangebreek. In die afgelope dekades het die wetenskap verskeie maniere ontwikkel om alle menslike lewe te vernietig. Dit sluit in atoom en waterstof wapens, chemiese en biologiese

wapens, en sonder twyfel ander soorte wapens wat ontwikkel word terwyl ek hier skryf.

“Skurk-state” soos Noord-Korea, het kernwapen-tegnologie ontwikkel en Islamitiese militante soek maniere om “die bom” te bekom ten einde hulle vernietigende planne uit te voer.

Hetsy deur biologiese, chemiese of kernkrag-metodes, mense beskik nou oor die mag om alle lewe op aarde uit te wis. Terwyl Hy duidelik na ons tyd verwys – net voor Christus se Wederkoms – voorspel Jesus Christus: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheus 24:21-22).

Tot en met die laaste paar dekades, was dit vir die mensdom feitlik onmoontlik om hulself uit te wis. Deesdae is dit nie slegs 'n moontlikheid nie, dit is 'n **sekerheid**, soos Christus aandui – tensy God spoedig kragtig in die mens se sake ingryp. Ter wille van die “uitverkorenes” – ter wille van diegene wat hul werklik oorgegee het aan God en deur die Heilige Gees gelei word – sal God ingryp. Dit is die hoofrede waarom Jesus Christus na die aarde moet terugkeer!

Rede 2: Ongekende droogtes en hongersnood.

Verwysend na dietyd net voor

Sy Wederkoms, sê Jesus: “Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke” (Mattheus 24:7).

Ontsettende hongersnood het die afgelope paar jaar regoor Afrika en Asië voorgekom. Groot gebiede in Texas en ander dele van die Verenigde State het die afgelope jare ernstige droogtes ervaar, wat herinner aan die “stofkom” jare. Genadiglik is werklike hongersnood en menslike uithongering nog nie dikwels in die Verenigde State of ander ontwikkelde lande ervaar nie, maar volgens Jesus Christus gaan dit alles verander!

Die boek Amos gee aan ons 'n waarskuwing. Terwyl Hy al twaalf stamme van Israel aanspreek en nie slegs “Juda” of die Joodse nasie nie, sê God: “Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede” (Amos 3:1-2).

Verder lees ons “... twee, drie stede na een stad geslinger het om water te drink sonder om die dors te les – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE. Ek het julle met brandkoring en met heuningdou swaar getref, baie van julle tuine en julle wingerde en julle vyebome en julle olyfbome het die sprinkaan verslind – nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie,

spreek die HERE” (Amos 4:8-9).

'n Tyd van afwisselende droogtes, oorstromings en hongersnood is duidelik voorspel om oor die moderne afstammeling van antieke Israel te kom – tensy hulle hul bekeer en terugkeer na die ware God, op 'n wyse soos wat hulle nog nooit voorheen gedoen het nie! Die uitwerking van hierdie plaes sal verskriklik wees en sal honderde miljoene lewens wêreldwyd verwoes!

Indien u nog nie verstaan hoe hierdie profesieë antieke Israel in verband bring met die Verenigde State en die nasies wat van die Britte afstam nie – sowel as die Joodse staat Israel – skryf asseblief aan ons streekkantoor naaste aan u (gelys op bl. 2 van hierdie tydskrif) en vra u gratis kopie aan van ons kragtige boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?* U het werklik hierdie boekie nodig om die profesieë wat in die nabye toekoms direk betrekking op die Verenigde State en die volke van Britse afkoms sal hê, te verstaan.

Rede 3: Afgryslike siekte-epidemies

Die Skrif waarsku: “... daar sal hongersnood wees en pessiektes” (Mattheus 24:7). Direk na die afwisselende oorstromings en droogtes wat hongersnood en massa-uithongering meebring, volg daar dus siekte-epidemies van ongekende omvang.

Hoe kan dit moontlik wees in ons moderne, wetenskaplike era?

Die antwoord is eenvoudig. Wanneer daar besoedelde water

en besoedelde kos is – inherent tot die profesieë aangaande wêreldwye droogtes en hongersnood – word dit byna altyd gevolg deur siekte-epidemies. Voeg hierby die gevare van siektes soos VIGS en die toenemende gruwels van kwaadaardige bakterieë wat omtrent heeltemal bestand is teen enige soort antibiotiese behandeling, en u het 'n resep vir die onbeheerde verspreiding van verskriklike siekte-epidemies!

Wanneer Hy die straf beskryf wat binnekort oor die Verenigde State, Brittanje, Kanada, en die ander moderne afstammeling van antieke Israel gaan kom, het God Esegïel geïnspireer om te skryf: “En jy, mensekind, neem vir jou 'n skerp swaard; as skeermes moet jy dit vir jou neem, en laat dit gaan oor jou hoof en oor jou baard; daarna moet jy vir jou 'n weegskaal neem en die hare verdeel: 'n derde deel moet jy binne-in die stad met vuur verbrand as die dae van die beleëring verby is; dan moet jy 'n derde deel neem en met die swaard stukkend kap rondom die stad, en 'n derde deel moet jy in die wind strooi; en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek” (Esegïel 5:1-2).

God verduidelik presies wat dit beteken: “'n Derde deel van jou sal aan die pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom; en 'n derde deel sal deur die swaard rondom jou val; en 'n derde deel sal Ek na al die windstreke verstrooi, en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek” (vers 12).

Hierdie eindtydse plaes sal die hele wêreld raak, nie slegs Israel

nie. Nadat hy die “vier perderuiters” beskryf het wat valse profete, oorloë, hongersnood en verskriklike siekte-epidemies simboliseer, skryf Johannes: “En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle [die vier perderuiters] is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde” (Openbaring 6:8). Die meeste geleerdes erken dat Johannes hier nie skryf oor een kwart van die aarde se land en see oppervlakte nie, maar oor een kwart van die bevolking van hierdie aarde teen die eindtyd. Aangesien die aarde se bevolking tans bykans 7 miljard mense is, praat hierdie profesie van die uitwissing van meer as 1.5 miljard mense!

Rede 4: Gewelddige aardbewings en weersomwentelings

Dit lyk of daar elke jaar nuwe rekords opgestel word vir weerverwante en geologiese uiterstes. Die wêreld was geskok deur die verskriklike verwoesting wat aangerig is toe die Sumatra-Andaman aardbewing Suidelike Asië in Desember 2004 getref het. Die aardbewing, met 'n omvang van 9.1, en die daaropvolgende vloedgolf, het gelei tot 'n beraamde aantal sterftes van 230,000 en het meer as 1.6 miljoen mense ontwortel.

Bybelse profesieë dui aan dat hoe nader ons aan die einde van

hierdie tydvak kom, meer en meer van hierdie rampe sal toeslaan – en hulle sal toenemend die Amerikaanse en ander Brits-afstammende volke tref. Ons onthou nog die verskriklike verwoesting van Orkaan Katrina wat in Augustus 2005 meer as \$80 miljard skade veroorsaak het en 1.5 miljoen mense ontwortel het – wat dit die duurste Atlantiese orkaan nóg in aangetekende geskiedenis maak.

In mindere of meerdere mate sien ons toenemend gevalle van “ongure en onbestendige weersomstandighede” op plekke waar ons dit nooit sou verwag nie. Dit mag maklik wees om dit “toeval” te noem – indien u nie die Bybelse profesieë verstaan wat verwys na wat gebeur nie! Nogtans, dié wat verstaan, kan sien dat ons tot dusver slegs maar 'n ligte voorsmakie ondervind het van wat nog moet kom. Terwyl Christus se Wederkoms en die manjifieke tempel wat daardie tyd gebou sal word, beskryf word, sê God: “Want so sê die HERE van die leërskaar: 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlijkheid vervul, sê die HERE van die leërskaar” (Haggai 2:6-7). Uiteindelik sal al die nasies deur die Almagtige God geskud word met die mees kolossale skudding denkbaar, want Hy sê dat “elke berg en elke eiland” uit hulle plekke versit sal

word (Openbaring 6:14).

As gevolg van opstand teen God en Sy fisiese en geestelike wette, sal mense letterlik tot hul sinne geskud moet word. In Sy groot genade, sal God die dae van daardie verskriklike tugtiging verkort sodat Christus mag kom as Koning van die konings om die mensdom te leer hoe om volgens God se fisiese en geestelike wette te leef, voordat die samelewing nog meer verdorwe raak as wat hulle reeds is!

Rede 5: Toenemende terreur

Nie so lank gelede nie het Amerikaners wat bekommerd was oor “terrorisme” oor die algemeen plaaslike ekstremiste gevrees. In die afgelope paar jaar het militante Islam egter honderde miljoene mense saamgesnoer in teenstand teen die Westerse demokrasieë, selfs nou dat die Verenigde State se militêre mag tot die uiterste beproef is in die “oorlog teen terrorisme”. Ons behoort te besef dat dit die uiteindelijke doel van baie radikale Moslemleiers is om die wêreld te “verower” in dié sin dat alle mense óf Moslems word, totaal onderworpe aan Moslem-oorheersing, óf uiteindelik uitgewis word!

Kyk wat die historikus Bernard Lewis – 'n professor te Princeton Universiteit en wêreldbekend as een van die top kundiges oor Islam, aan ons sê oor die groeiende Moslem-bedreiging. In sy invloedryke boek, *The Crisis of Islam*, beskryf Lewis hoe 'n noemenswaardige getal Moslems – veral, maar nie uitsluitlik diegene wat ons

fundamentaliste noem nie – vyandiggesind en gevaarlik is, nie omdat ons 'n vyand nodig het nie, maar hulle wel”. Hy verduidelik verder: “Deur die afgelope jare was daar 'n persepsie-verandering en gevolglik van taktiek onder die Moslems. Sommige van hulle sien nog steeds die Weste in die algemeen, en sy huidige leier die Verenigde State in die besonder, as die ou en onversoerbare vyand van Islam. Die een ernstige hindernis vir die herstel van God se geloof en wet tuis en hul uiteindelijke universele triomf. Vir daardie mense is die enigste weg oorlog tot die dood toe, in die vervulling van wat hulle sien as die geboorte van hulle geloof” (bl. 28).

Omdat God “elke seun wat Hy liefhet tugtig en kasty”, sal die Almagtige God toelaat dat terroriste groter en groter suksesse behaal in hul aanvalle op die Westerse nasies – in die verwagting dat ons ons weë sal verander en in die wete dat Hy spoedig sal ingryp ten einde ons uit ons rebelse, miserabele weë te skud!

Rede 6: Die mensdom se laaste hoop op vrede het misluk!

In die lente van 1945 het afgevaardigdes in San Francisco vergader om die Verenigde Volke te stig. Hulle het gehoop om die foute wat gelei het tot die val van die Volkere Bond, wat na die Eerste Wêreldoorlog gestig is, te vermy. Toe die vergadering geopen is, het Generaal Jan Smuts van

Suid Afrika verklaar: “Indien San Francisco misluk, dan sien ek niks anders as volslae rampspoed voor die mensdom nie”.

Meer as 60 jaar later, sal objektiewe waarnemers moet saamstem: Die mensdom se nalatenskap van “volslae rampspoed” het nog nie geëindig nie. Die Verenigde Volke het gefaal om die slagting in Kambodja te keer, die slagting in Rwanda, die bloedvergieting reg oor Joego-Slawië en die ontelbare ander gevalle van die mensdom se onmenslikheid teenoor die mens.

Meer as 50 jaar gelede het Amerika se Generaal Douglas MacArthur die probleem opgesom in 'n beroemde toespraak voor die Amerikaanse Kongres. Hy het gesê: “Die probleem is basies teologies van aard en behels 'n geestelike herlewing en verbetering van menslike karakter wat sal sinkroniseer met ons bykans onmeetbare vooruitgang in die wetenskap, kuns, letterkunde en alle materiële en kulturele vooruitgang van die laaste twee duisend jaar. Dit moet uit die gees wees as ons die vlees wil red” (*The World's Great Speeches*, bl. 596, Dover Uitgewers, 1958).

Die mensdom se ware hoop is te vinde in die woord van God. Die boek Jakobus onthul 'n deel van ons probleem: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle

het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4:1-3).

Rede 7: Jesus het belowe om terug te keer

Uiteindelik kom dit alles daarop neer of u werklik glo wat die Bybel duidelik sê. Die profeet Sagaria was geïnspireer om te skryf: “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant ...” (Sagaria 14:3-4). Vers 9 vervolg: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een”.

Na Sy Wederkoms sal Christus oor die nasies op hierdie aarde regeer – nie bo in die hemel nie. Jesus het dit Self duidelik gemaak: “En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die

wêreld af" (Mattheus 25:31-34).

Glo u Hom?

'n Wesenlike deel van die "Goeie Nuus"

Die geloof in 'n letterlike duisendjarige heerskappy van Christus op aarde saam met die opgewekte heiliges was in werklikheid deel van die oorspronklike Evangelie – die boodskap wat deur die oorspronklike Apostoliese Kerk gepreek was en vir baie geslagte bewaar is deur God se getroue mense! Dit was egter geleidelik uitgeroei uit die belydende Christendom deur die redenasies en voorstellings van verskeie biskoppe en monnike tydens die Donker Eeue. Selfs die hoogsgerespekteerde sekulêre geskiedskrywer, Edward Gibbon het dit ontdek met sy omvangryke navorsing oor daardie tydperk. In sy toonaangewende werk, *The Decline and Fall of the Roman*

Empire, skryf hy: "Die ou en populêre leerstelling van die Millennium was nou verbonde aan die Wederkoms van Christus. Net soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, sal hul tydsduur, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf word, vasgestel wees op ses duisend jaar. Volgens dieselfde analogie sal hierdie lang periode van swoeg en twis, wat nou bykans verstreke is, gevolg word deur 'n vreugdevolle Sabbat van 'n duisend jaar; en dat Christus, bygestaan deur 'n groep triomfantlike heiliges en die uitverkorenes wat die dood vrygespring het of wat wonderbaarlik opgewek is, op die aarde sal regeer tot en met die tyd wat aangewys is vir die laaste en algemene opstanding" (*The Decline and Fall, of the Roman Empire*, Gibbon, Vol. 1, bl.403).

Nog binne die leeftyd van

baie van ons sal hierdie deel van die "Onse Vader" beantwoord word: "... laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde" (Mattheus 6:10).

Jesus het in die eerste persoon gepraat toe Hy belowe het om gou terug te keer: "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Openbaring 22:12). Mag God gee dat ons "werke" welgevallig mag wees voor Sy aangesig sodat ons "beloning" werklik vervullend sal wees. Jesus Christus se Wederkoms is binnekort. Ons het sewe redes bespreek waarom Jesus se Wederkoms spoedig moet plaasvind om die mensdom te red – en nie die minste daarvan nie is dat Hy belowe het om dit te doen. Mag God daardie dag verhaas! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Bestuur God wêreld-aangeleentheid?

Geallieerdes se skepe by hul aankoms 'n kalm, gladde see gevind! Die Geallieerdes se vlootbevelvoerder het dit as "ongelooflik" beskryf – en baie het dit herken as God se handewerk.

In Julie 1943 het die Amerikaanse Generaal Dwight Eisenhower sy inval in Sicielië geloods met 'n gebed en 'n opmerking: "Die dobbelsteen is gegooi en die gebeure is in die hande van God" (Grant, bl. 38). Gedurende die nag het stormsterk winde die

Geallieerde skepe gepeper, maar die ongunstige weer het ook veroorsaak dat Italianers wat die Siciiliaanse strande verdedig het, nie ag geslaan het op enige tekens van vyandige aktiwiteite nie. Teen die volgende oggend was die see egter skielik so kalm dat dit gelyk het na 'n "wonderwerk" (Grant bl. 39) en die Geallieerde troepe kon maklik die strande verower.

Net so het 'n tydelike verposing in 'n bykans maandlange stormagtige weer die Geallieerdes op 6 Julie 1944

toegelaat om hul D-Dag inval in Normandië te loods, terwyl die Duitsers onkant gevang was deur voortdurende slegte weer. Op D-Dag was Rommel weereens in Duitsland – hierdie keer om sy vrou se verjaarsdag te vier. Hierdie dramatiese gebeure in oënskou geneem, het die soldate wat die inval beplan en die skrywers wat dit geboekstaaf het, gepraat van "Die wonderwerk van D-Dag" (*Daily Telegraph*, 7 April 1947), en opgemerk: "Slegs die onnadenkende kan faal om te

Vervolg op bladsy 13

Die einde van die Heelal?

Deur Richard F. Ames

Die mens het 'n natuurlike begeerte om die oorsprong en toekoms van die heelal te ken. Ons sal daarvan hou om tot die verste uithoeke uit te reik. Ons besef egter ook dat daar gevare is wat ons planeet in die gesig staar. Sal lewe op die Aarde oorleef? Sal die heelal self oorleef? Is daar hoop vir ons toekoms?

Antieke Koning Dawid het gewonder oor sy plek in die kosmos. As 'n jong skaapwagter het hy nag vir nag die glorie van die hemele aanskou. Hy het dieselfde vrae gevra as wat baie filosowe deur die eeue heen gevra het: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:4-5).

Het u al ooit aan u plek in die heelal gedink – nou, en in die toekoms? U behoort! Wanneer u uitkyk na die nagtelike hemel, wat sien u? Indien u in 'n groot stad woon, mag u miskien 'n handjievol sterre sien. Indien u op die platteland woon waar dit snags donkerder is, mag u honderde of selfs duisende sterre sien. Daardie sterre is egter slegs 'n klein groepie in ons skitterende Melkweg sterrestelsel. Wetenskaplikes beraam dat ons sterrestelsel meer as 200 miljard sterre bevat – sommiges meer as 13 miljard jaar oud! Sterrekundiges sê daar is minstens 50 miljard potensieel sigbare sterrestelsels in ons heelal, met verskeie kere daardie getal wat met ons beste

teleskope nie sigbaar is nie.

Kan ons selfs net begin om sulke ontsaglike getalle, en so 'n eindelose skaal in ons heelal, te verstaan? Ons kan die wetenskap dankbaar wees vir die vlietende blik wat dit ons gee a a n g a a n d e h i e r d i e verstommende feite. Die wetenskap bly egter kragteloos om die groot vraagstukke van die lewe te beantwoord. Wat is die betekenis en doel van lewe? Wat is die uiteindelijke toekoms van die mensdom? As 'n lesers van *Die Wêreld van Môre* weet u dat ons na die Bybel kyk vir daardie antwoorde.

Ondersteun die wetenskap – of vereis dit selfs – die gevolgtrekking dat God nie die heelal geskape het nie? Nee! O n t e l b a r e e e r l i k e wetenskaplikes, of hulle hulself as Christene beskou al dan nie, stem saam dat wetenskaplike gegewens versoen kan word met die idee van 'n Skepper-God. Baie deel die perspektief van Patrick Glynn, houer van Harvard Universiteit se Ph.D., wat in sy belangrike boek, *God: The Evidence*, opmerk: “Die mees basiese verklaring vir die heelal is dat dit wil voorkom asof dit 'n proses is wat georkestreer

is om die einddoel te verwesentlik om menslike wesens te skep”.

Antieke Koning Dawid het 'n stap verder gegaan en die Orkestreerder en Skepper van die heelal erken. Terwyl hy hom verwonder aan die kosmos, het hy dit waardeer as God se handwerk en die mens se plek daarin herken. Hy skryf: “U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see. O HERE, onse Here, hoe heerlijk is u Naam op die ganse aarde!” (Psalm 8:6-10).

God het aan die mens heerskappy gegee oor die Aarde en sy skepsele. Ons is veronderstel om te leer hoe om te regeer, te lei en te dien as getroue rentmeesters. As ons nie verantwoordelike rentmeesters oor hierdie planeet kan wees nie, hoe kan ons verwag om verantwoordelike rentmeesters oor die Maan, Mars of enige ander deel van die

heelal teweës?

Ons besef as mense dat ons baie beperk is deur tyd en ruimte. Ons het egter 'n onversadigbare begeerte om ons heelal te verken. Daardie begeerte het gelei tot die Apollo Ruimteverkenningssendinge in die 1960's en 1970's. Baie van u ouer lesers sal nog onthou hoe opwindend dit was om te sien hoe Apollo 11 se ruimtevaarders, Neil Armstrong en Edwin "Buzz" Aldrin, op 20 Julie 1969 op die maan loop. Hulle het 21 uur op die maan se oppervlakte deurgebring en teruggekeer na die aarde met 46 lb (± 21 kg) maangesteentes.

Vyf verdere Apollo sendings het op die maan gaan land. In Desember 1972 het ruimtevaarders Eugene Cernan en Harrison Schmitt die laaste van twaalf Amerikaners geword om voet op die geheimsinnige maanoppervlakte te sit. Sedertdien het niemand weer teruggegaan nie.

Oorlog in die ruimte?

Wetenskaplikes sien die ruimte as 'n verkenningveld; militêre en politieke leiers kyk dikwels daarna as 'n basis vir oorlogvoering. Soos die Amerikaanse Senator Sam Brownback, voorsitter van die Handelssubkomitee van die Senaat, aan verslaggewers gesê het: "Jy soek altyd die (strategiese) hoë grond" (*Reuters*, 15 Januarie 2004).

Militêre mikpunte het selfs 'n sleutelrol in die 1960's se "ruimtewedloop" tussen die Verenigde State en die Sowjet

Unie gespeel. Die mensdom het 'n geskiedenis van oorlog en ons behoort nie verbaas te wees om te sien dat daardie oorlogsugtige natuur na die ruimte kyk nie.

Presies hoe oorlogsugtig is die menslike ras? Historici Will en Ariel Durant het daardie vraag nagevors en tot die slotsom gekom: "In die laaste 3 421 jaar van aangetekende geskiedenis het slegs 268 jaar geen oorlog gesien nie (*The Lessons of History*, bl. 81). Futuriste Alvin en Heidi Toffler het tot 'n soortgelyke slotsom gekom, en noteer: "In werklikheid het die aarde gedurende die 2 340 weke tussen 1945 en 1990, slegs 'n groot totaal van drie geniet wat werklik oorlogsvry was. Om die jare sedert 1945 tot tans "na-oorlog" te noem, is om tragedie met ironie te vermeng" (*War and anti-War*, bl. 14).

Besorg oor die gevare van wêreldwye kernoorlog het die "*Bullitin of the Atomic Scientists*" vir meer as 50 jaar wat hulle die "Oordeelsdag-horlosie" noem, in stand gehou om te meet hoe naby ons aan wêreldwye kernvernietiging gekom het. Minder as 18 maande gelede, op 17 Januarie 2007, het die *Bullitin* die horlosie twee minute aangeskuif tot 5 minute vormidder nag. Hulle nuusvrystelling lui: "Hierdie groot nuwe stap weerkaats die groeiende besorgdheid aangaande 'n "Tweede Kerntydperk", gekenmerk deur ernstige bedreigings, met inbegrip van: Kernambisies in Iran en Noord-Korea, onveilige

kernmateriaal in Rusland en elders, die voortdurende "lanseer-gereed"-status van 2 000 van die 25 000 kernwapens wat deur Amerika en Rusland gehou word, eskalering in terrorisme en die nuwe druk deur klimaatsverandering vir vermeerderde burgerlike kernkrag wat die gevaar van besoedeling kan vermeerder". Ja, ons leef in 'n gevaarlike wêreld. Dit is een rede waarom die mensdom uitwaarts kyk na die kosmos. Ons hoop om aan ons aardgebonde probleme te ontsnap. Sal ons nie slegs maar die aarde se probleme na die heelal neem nie?

Kraak, samepersing of hitte-dood?

Die Hubbel-teleskoop het aan ons wonderlike beelde gegee van sterrestelsels en supernovae. Die meeste wetenskaplikes beraam dat ons Melkweg sterrestelsel 100 000 ligjare in deursnee en 1 000 ligjare "dik" is van bo tot onder. Kan ons enigsins 'n idee vorm van daardie geweldige uitgestrektheid in die ruimte? Kan ons 'n idee vorm van die spoed waarteen die sterrestelsels beweeg? Astronome het gedemonstreer dat sommige sterrestelsels verder uitbeweeg die ruimte in teen ongeveer 100 miljoen myl per uur!

Die meeste van ons het al van die "Big Bang" teorie gehoor wat wetenskaplikes gebruik om die heelal se huidige uitspreiding te verduidelik. Is dit egter moontlik dat die heelal eendag

die uitbreiding kan omkeer of dat dit eenvoudig kan aanhou uitbrei totdat dit uitmekaar val? Kosmoloë het met scenario's vorendag gekom met eksotiese name soos die "Groot Vries" en die "Groot Samepersing". Die "Groot Vries"-teorie stel voor dat namate die heelal uitwaarts beweeg, die uitwaartse beweging kan lei tot verlaagde temperature, te koud om lewe te onderhou. Die "Groot Samepersing" suggereer dat die heelal se uitwaartse beweging sal omkeer en dat dit uiteindelik op sigself sal inplof. Andere weer verwag 'n scenario van "Hitte-dood" waar al die heelal se energie uiteindelik in hitte omgesit sal word. Nog 'n moontlikheid word die "Groot Uiteenbarsting" genoem. In hierdie scenario beweeg die heelal teen 'n versnellende tempo uiteen, totdat al die materie verspreid en donker word.

Soos 'n Stanford Universiteit fisikus aan die tydskrif, *New Scientist*, gesê het: "n Paar jaar gelede sou niemand eers ernstig gedink het aan die einde van die wêreld binne die volgende 10 tot 20 miljard jaar nie, veral sedert ons geleer het dat die Heelal se uitwaartse beweging versnel ... Nou sien ons dit is 'n werklike moontlikheid" (6 September 2002).

Nie al die navorsers bied sulke swartgallige scenario's nie. Dr. Ruth A. Daly, outeur van 'n navorsingsstuk van die Princeton Universiteit, het gekyk na die maksimum grootte van verafgeleë radio-sterrestelsels

en kom tot die gevolgtrekking: "Ons kan met 95% sekerheid sê dat die heelal oop is en sal voortgaan om vir altyd uit te brei".

Selfs as die heelal oorleef, wat sal die toekoms van die Aarde wees?

Die einde van die aarde?

Ons planeet staan baie bedreigings in die gesig. Watter bedreiging is die dodelikste? Fisikus Stephen Hawking het sy opinie gelug teenoor 'n onderhoudvoerder van die *ABC News*-program 20/20: "In die huidige tyd is kernoorlog waarskynlik nog die grootste bedreiging vir die mensdom. Selfs na die einde van die Koue Oorlog is daar steeds nog genoeg kernwapens opgeberg om ons almal 'n paar keer oor te dood en nuwe kernnasies sal bydra tot die onstabiliteit. Met tyd mag die kernbedreiging verminder, maar ander bedreigings sal ontwikkel, dus moet ons op ons hoede bly" (30 Augustus 2006).

Watter ander dodelike bedreigings bied die program? Dit het gewaarsku oor kernoorlog. Dit het uitbarstings van gammastrale uit die ruimte ondersoek, wat die aarde se atmosfeer en alle lewe kan vernietig. Dit het die gevaar uiteengesit van supervulkane soos die kraterkom in die Yellowstone Nasionale Park. Dit het aan ons die risiko's van siekte-plae en klimaatsverandering omskryf; en dit meld die moontlikheid van 'n asteroïde wat met die aarde kan

bots.

'n Asteroïde wat met die aarde kan bots is nie slegs die materiaal vir 'n wetenskapfiksielrolprent nie. Soos wat die BBC 2 beeldsending "Averting Armageddon" in Januarie 2003 berig het, word verwag dat 'n asteroïde, bekend as 1950DA, "... in 2880 met die aarde sal bots of ontstellend na aan die aarde sal kom. Die impak daarvan kan honderde miljoene mense dood. Dit lyk of ons in 'n blote 877 jaar, minder as 'n oogknip van 'n kosmiese oog, 'n afspraak met Armageddon het, ons mag dalk nie eens so lank hê nie. Asteroïde-jagters beraam daar kan tot soveel as 600 kilometer grootte onontdekte asteroïdes naby die aarde wees, en enigeen van hulle mag reg op ons afpyl".

In 1962 het die wêreld ontstellend na aan 'n kernoorlog gekom tydens die Kubaanse Projektielkrisis. Die Verenigde State en die Sowjet Unie het in werklikheid oorweeg om kernwapens te lanseer. Dankie tog, die Sowjet Unie het uiteindelik hul kernprojektele uit Kuba verwyder. Die Sowjet Unie het egter vir baie jare daarna nog steeds hul supermag-status beoefen.

Weet u hoe, of indien, Rusland betrokke sal wees in Bybelse Profesieë van die eindtyd? Die Skrif dui aan dat nasies oos van die Eufraatrivier die Midde-Ooste sal binneval. Ons lees: "En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die

pad van die konings wat van die Ooste af kom, reggemaak kon word" (Openbaring 16:12).

Die Asiatiese magte sal te Megiddo in Israel 'n nuwe supermoondheid teëkom – genaamd die "Dier". Hierdie moondhede sal saamsmelt in die klimaktiese slag wat dikwels "Die Slag van Armageddon" genoem word. Bose magte, aangehits deur die Dier en die Vals Profeet, sal al die konings van die aarde versamel te Megiddo of Armageddon. Die konings van die ooste sal weswaarts beweeg oor die Eufraat om saam te smelt met ander magte. Kyk na enige wêreldkaart om te sien waar die Eufraatrivier geleë is. Dit begin in Turkye, vloei deur Sirië en dan deur Irak na die Persiese Golf. Watter nasies lê oos van die Eufraat? Daardie nasies sluit in Iran, Indië en China.

Kyk noukeurig waar die konings van die aarde versamel. "En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armageddon" (vers 16). Presies wat is Armageddon? Die woord Armageddon is 'n transliterasie van die oorspronklike Hebreeuse *har megiddo*, wat "heuvel van Megiddo" of "berg van Megiddo" beteken.

Megiddo is in Israel geleë, ongeveer 90 kilometer noord van Jerusalem. In antieke tye het dit die hoof handelsroete tussen Egipte en Damaskus beskerm. Dit kyk ook uit oor die grootste vlakte in Israel, die Vlakte van Esdraelon (in die Bybel die Vallei van Jezreël

genoem). Die Skrif noteer verskeie groot veldslae wat daar plaasgevind het.

Nadat die wêreld se leërs te Megiddo vergader het, trek hulle suid om by Jerusalem te veg, in wat die Skrif "die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God" noem (Openbaring 16:14). Hier volg wat die Bybel aan ons sê: "Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o *Jerusalem!* Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant" (Sagaria 14:1-4).

Die Messias, Jesus Christus, sal uit die hemel terugkeer om hierdie leërmagte te vernietig. U kan daarvan lees in Openbaring 19:19-21. Dan sal die Koning van die konings begin om saam met die heiliges – getroue Christene – vir 'n duisend jaar oor die aarde te heers. Ons sien uit na die Millennium, die wêreld van môre, wanneer die wêreld egte, blywende vrede sal ervaar! Ons moet elkeen voorberei vir daardie glorieryke tyd. Om meer hieroor te leer, skryf asseblief aan ons streekkantoor die

naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) en vra vir u gratis kopie van ons insiggewende boekie: *Armageddon en daarna*.

Ja, Bybelse profesieë onthul die uiteindelijke einde van hierdie tydperk. Die Messias, Jesus Christus, sal vrede na die Aarde bring. Hy word "Vredenvors" genoem (Jesaja 9:5). Tydens Sy duisendjarige heerskappy op die aarde sal die woestyn bloei soos 'n narsing (Jesaja 35). Alle nasies sal na Jerusalem optrek om God se manier van lewe aan te leer (Miga 4, Jesaja 2). Die diere se aard sal van wreedaardig na vreedzaam verander (Jesaja 11:6-9; 65:25).

Na die Millennium?

Aan die einde van die Millennium sal God die dooies opwek tot wat die Groot Wit Troon Oordeel genoem word. Miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder dat hulle ooit die ware Evangelie van Jesus Christus gehoor het – die meeste van wie nog nooit eers die naam "Jesus Christus" gehoor het nie – sal hul eerste geleentheid tot redding gegee word. U kan meer aangaande daardie oordeel lees in Jesaja 65:17-25.

Aan die einde van die Groot Wit Troon Oordeel sal al die verharde, goddelose mense in die poel van vuur gegooi word. "En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van

vuur gewerp” (Openbaring 20:14-15).

Dan sal God se plan van redding in 'n ander fase inbeweeg. Let op: “En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan” (Openbaring 21:2-4).

Ja, die aarde sal vernuwe word en die nuwe Jerusalem sal vanuit die hemel na die aarde kom! U sal daar wil wees. Wat 'n ontsagwekkende erfporisie het die Almagtige God vir ons beplan!

Die heelal beërwe?

Daar is nog meer! Soos ons voorheen opgemerk het, het die mens 'n aangebore begeerte om uit te reik na die ruimte. Ons liefdevolle God het belowe dat ons presies dit sal kan doen, indien ons getrou is. Neem kennis van hierdie wonderlike belofte: “Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van **alle dinge** aan hom [die mens] het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie” (Hebreërs 2:8).

Die Griekse woord vir “alle dinge” in vers 8 is *ta panta*, wat letterlik “die alles” beteken. Soos Griekse leksikons verduidelik, beteken *ta panta* in die volstrekste sin, “die heelal”. God wil graag aan Sy seuns en dogters nie slegs heerskappy oor die Aarde gee nie, maar ook oor **die ganse heelal!**

God noem Sy kinders erfgename: “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook

erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word” (Romeine 8:16-17). Ons sal egter net in staat wees om daardie heerskappy te ontvang indien ons die ewige lewe beërwe – wanneer ons God se onsterflike kinders word.

Wat sal ons erf? Ons sal die aarde beërwe (Mattheüs 5:5), en ons sal “alle dinge” beërwe. Christus word die erfgenaam van “alle dinge” genoem – die heelal. “God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak” (Hebreërs 1:2, NV). As erfgename saam met Christus, sal ons die heelal beërwe!

God het Sy groot liefde teenoor Sy kinders betoon en Hy bevestig ons erfenis: “Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge [Grieks, *ta panta*] saam met Hom uit genade sken nie?” (Romeine 8:32). **WYM**

Vervolg vanaf bladsy 8 – Bestuur God wêreldaangeleentheid?

befef hoe 'n groot rol die Voorsienigheid gespeel het in die snelle en suksesvolle transformasie van die groot oorlog” (*Daily Mail*, 14 November 1942).

Daar is moontlik nie 'n beter voorbeeld van 'n skielike ommeswaai in gebeurlikhede as die Slag van Midway in Junie 1942 in die Stille Oseaan nie. 'n Japannese taakmag van vier swaar vliegdekskepe, 80 ondersteunende skepe, en

honderde tegnies meer gevorderde vliegtuie wat deur ervare vlieëniers geloods was, het begin om die strategiese Amerikaans-beheerde eiland van Midway aan te val en te bombardeer. Die Amerikaanse mag wat hulle teengestaan het bestaan uit verouderde vliegtuie, onervare vlieëniers en drie ouerige vliegdekskepe. Vlaag op vlaag Amerikaanse vliegtuie het die Japannese oorlogsskepe aangeval sonder

om 'n enkele een raak te skiet en baie Amerikaanse eskadrieljies was bykans vernietig deur die Japannese kanonvuur. Nogtans, toe die Japannese admiraal uiteindelik die Amerikaanse skepe gewaar, het hy sy loodse bevel om terug te keer na hul vliegdekskepe vir meer brandstof en torpedo's. Toe skielik – asof uit die bloute – het 'n groep Amerikaanse duikbomwerpers uit die lug geduik en hul bomme op die

Vervolg op bladsy 26

Moederskap in gevaar

Deur Rod McNair

Ons nasies is in 'n kulturele en morele krisis. Indien u 'n moeder is, wat kan u doen om u kinders te beskerm teen die komende rampspoed?

Regoor die Verenigde State sal miljoene families Moedersdag op 10 Mei vier. Nasies rondom die aarde vereer hul moeders op verskillende tye vir hulle liefde, versorgende natuur en vir die opofferings wat hulle vir hul kinders en gesinne maak. Ons behoort sekerlik ons moeders te bedank – asook die moeders van ons kinders – vir hulle lewenslange liefde en ondersteuning. Ons leef in 'n krisistyd waarin elke moeder se rol noodsaaklik is. Die Westerse nasies is by 'n beslissende kruispad, hulle is voorlopers in die wêreld met egskedings en moedig immoraliteit aan. Dwelmmisbruik en misdaad vier hoogty. Seksuele perversie en verslawing ondermyn nie net die nasionale karakter nie, maar word teen 'n toenemende tempo uitgevoer. Vir miljoene mense het moraliteit en godsdiens onbelangrik geword.

Waarom maak dit saak? Profesieë van die Bybel dui aan dat ons nasies 'n totale ineenstorting van ons samelewings tegemoetgaan, tensy ons as volkere bekeer. Jesus Christus het voorspel dat die *ergste tyd van oorlog in die menslike geskiedenis ooit* gaan kom net voor Sy Wederkoms. “Want dan sal daar groot

verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie” (Mattheüs 24:21). Die profeet Jeremia verduidelik hoe erg hierdie tye sal wees ... “want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob” (Jeremia 30:7). Om ons huidige rigting om te draai, moet daar 'n *drastiese verandering in ons gesindheid teenoor God en die ware godsdiens van die Bybel* wees.

Die rol van vaders is beslissend en kan nie genoeg beklemtoon word nie. Net so met die rol van moeders – hulle het 'n *unieke en diepgaande* invloed op die groei en geestelike ontwikkeling van hul kinders. Groot leiers het getuig van die belangrikheid van 'n wyse en liefdevolle moeder. Die Verenigde State President, Andrew Jackson, het sy moeder geloof as “so sagmoedig soos 'n duif en so dapper soos 'n leeuin” (*Mother o' Mine: A Mother's Treasury*, bl. 106). Uitvinder Thomas Edison het sy moeder vereer deur te sê: “My moeder het my gevorm”. En die Verenigde State President Abraham Lincoln het gesê: “Alles wat ek is en hoop om te wees is ek aan my moeder

verskuldig” (*ibid.*, bl. 107).

'n Moeder se rol was nog altyd belangrik, maar haar rol is nog meer belangrik wanneer sy 'n kind se enigste ouerlike invloed is. Dit is deesdae die hartseer werklikheid van miljoene kinders in ons Westerse nasies. Skrywer David Blanckenhorn wys daarop dat, as gevolg van die heersende buite-egtelike swangerskappe en egskedings in die Verenigde State, “meer as die helfte van ons nasie se kinders 'n aansienlike deel van hul kinderjare weg van hul vaders deurbring voordat hulle die ouderdom van agtien jaar bereik” (*Fatherless America*, bl.1).

Rampspoed op die horison

Een van die vroegste oproepe om Moedersdag in die Verenigde State te vier, het gekom van Julia Ward Howe. In 1870 het Howe 'n Moedersdag geproklameer en die aandag gevestig op die benarde toestand van moeders wat hul mans en seuns in oorloë in die midde-negentiende eeue verloor het.

Alhoewel die mans histories die spit moes afbyt in oorloë, het oorloë ook 'n verskriklike uitwerking op die

vrouens en kinders gehad. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hele gesinne in die Nazi-konsentrasiekampe gesterf. Mense was in spoorwegtrokke ingejaag om verneder, verdierlik en uiteindelik uitgeroeite word.

Gedurende oorlog word die bykans ondenkbare roetine. Die Skrif beskryf die onmenslike uitwerking wat oorlog op desperate ouers kan hê. Moses waarsku die Israeliete: **“En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters** wat die HERE jou God jou gegee het, in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou benoud sal maak” (Deuteronomium 28:53). Die geskiedenis toon ook dat sommige ouers hul kinders doodgemaak en geëet het tydens die Romeinse beleëring van Jerusalem in 70 n.C. Is dit ondenkbaar in ons moderne tyd? Vra uself af: **Hoeveel miljoene verfynde, “verligte” mense in ons Westerse beskawing keur deesdae die moord op ongebore kindertjies goed terwille van die blote gerief van die ouers?**

Ouers behoort deesdae te besef dat sonder God, hul kinders en gesinne geweldig kan ly. Moses het hierdie waarskuwing van God geboekstaaf: “En as julle jul teen My versit en na My nie wil luister nie, sal Ek meer plaë op julle lê, sewevoudig volgens julle sondes. En Ek sal die wilde diere van die veld onder julle in stuur, en **dié sal julle kinderloos maak** en julle vee uitroei en julle

verminder, sodat julle paaie verlate sal wees” (Levitikus 26:21-22).

Moeders is van nature besorg oor die koers wat ons nasies inslaan. 'n Godvresende moeder verlang slegs die beste vir haar gesin. Sy gee om vir die toekoms van haar gemeenskap, omdat dit haar kinders se toekoms direk beïnvloed.

Wat kan 'n moeder egter doen om haar kinders te beveilig en voor te berei vir 'n gelukkige en suksesvolle toekoms?

Leer kinders om met God te wandel

Sonder algehele, volkome bekering en wending tot God sal ons nasies nie 'n verskriklike einde ontwyk nie. Hoe kan ons kinders egter weet hoe om dit te doen, tensy hulle dit geleer word?

Een van 'n moeder se belangrikste verantwoordelikhede is om haar kinders te leer hoe om God werklik te aanbid. Dit is soos Dr. Jeffrey Fall skryf in *Suksesvolle Ouerskap volgens God se riglyne*: “Vir Christenouers is die uiteindelijke doel om in hul kinders se jong, ontvanklike jare 'n grondslag te lê sodat hulle altyd daarna sal streef om God ook as *hul* Vader te hê”. Moses sê aan die Israeliete: ... “en jy moet dit [God se woorde] jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan” (Deuteronomium 6:7).

Ongelukkig het baie moeders – asook vaders –

hierdie Godgegewe rol vergeet. In hul boek, *Passionate Housewives: Desperate for God*, stel outeurs Jennie Chancey en Stacy McDonald dit dat “sonder 'n skriftuurlike model, skeep die 'professionele ma' dikwels 'n kindgesentreerde huis – 'n fantasie-huishouding wat ten beste beskryf kan word as die toppunt van speelterreine” (bl. 24-25). Moederskap gaan nie slegs daarvoor om ontspannings- en onderwysgeleenthede aan haar kroos te voorsien nie – *dit gaan daarvoor om morele en geestelike beginsels in die volgende geslag vas te lê*.

Die Bybel dui aan dat dit slegs deur ouers se oortuigende en toegewyde godsdienstige onderrig is dat die volgende geslag voorspoedig sal wees en sal floreer. Dawid skryf: “My volk, luister na my onderrig; neig julle oor tot die woorde van my mond. Ek wil my mond open met 'n spreuk, raaisels uit die voortyd laat stroom. Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, **sal ons nie verberg vir hulle kinders nie**, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het – om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie,

maar sy gebooie kan bewaar” (Psalm 78:1-7).

Indien u wil hê dat u kinders die toekomstige rampe wat vir ons voorlê, moet vryspring – en hul terselfdertyd voorberei vir God se Koninkryk – stel u self die regte voorbeeld? Leef u 'n ware Christelike lewe? Dr. James Dobson het geskryf: “Indien die redding van ons kinders vir ons regtig so lewensbelangrik is, dan moet ons begin om hulle geestelik voor te berei nog voordat hulle kan verstaan waaroor dit werklik gaan. Terwyl hulle grootword moet hulle hul ouers gereeld op hul knieë voor God sien staan terwyl hulle met Hom praat. Hulle sal vinnig op daardie ouderdom leer en nooit vergeet wat hulle gesien en gehoor het nie” (*Parenting isn't for Cowards*, bl. 104).

Nogtans, soos outeur Carla Barnhill opgemerk het, glo baie vrouens verkeerdelik dat “hulle uiteindelijke waarde te vinde is in moederskap en nie in hul verhouding met God nie” (*The Myth of the Perfect Mother: Rethinking the Spirituality of Women*, bl. 14). Dit is 'n fout. Indien 'n moeder graag godvresende kinders wil opvoed, dan is haar eerste prioriteit om self 'n godvresende ma te wees wat haar Christelikheid uitleef en in haar persoonlike lewe met God wandel.

God belowe seëninge aan diegene wat Hom van ganser harte gehoorsaam. In Deuteronomium 6 waarsku Moses Israel: “So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien

en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooiewat ekjou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy 'n lang lewe hê” (vers 2, NV). Indien u wil hê dat u kinders voorspoedig moet wees en ontwikkel, leer hulle dan om na God op te sien en om Hom hulle lewe lank te volg.

Leer kinders om hul vader te respekteer

In ons samelewing wat toenemend vader-neutraal en vaderloos is, het baie kinders deesdae eenvoudig nie 'n betekenisvolle verhouding met 'n vader nie. Nogtans is 'n positiewe verwantskap met 'n kind se vader noodsaaklik vir gesonde groei en ontwikkeling. Dit vorm ook die grondslag vir 'n kind se verhouding met sy ewige Vader, God.

Indien u 'n moeder is, leer u u kinders om hul vader te respekteer? Moeders kan 'n rol speel deur te help om hul kinders se harte na hul Hemelse Vader te draai, asook na hul fisiese vaders. Wat daarvan as u, as vrou, voel dat u u eggenoot nie kan respekteer nie? Wat daarvan as u voel dat hy dit nie werd is om na opgesien te word nie? Dobson merk op: “U, as die moeder, hou die sleutels tot die verhouding van u seuns [of dogters] met hul vader. Indien u hom respekteer as 'n man, sal hulle meer geneig wees om na hom op te sien en na te volg. Indien u dink dat hy 'n papperd of 'n verslaafde of 'n verloorder is, dan word daardie gesindhede direk oorgedra op die interaksie

tussen hulle” (*Bringing Up Boys*, bl. 94). Stel u 'n voorbeeld wat u kinders help om hul vader te respekteer, ten spyte van sy menslike tekortkominge?

Die apostel Paulus skryf: “Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde” (Efesiërs 6:1-3). Deesdae is dit 'n verleentheid vir baie ouers om gehoorsaamheid en respek van hul kinders te verwag. Baie ouerskapetegnieke verwag tans slegs verdraagsaamheid en selfuitlewing van jong mense en die opbou van jeugdige selfrespek. Dit veroorsaak dat ouers dikwels voel dit is egoïsties en selfsugtig om gehoorsaamheid van hul kinders te verwag. God wil nogtans hê dat kinders **s e l f b e h e e r s i n g** en godvresendheid moet aanleer asook om te groei na Sy gelykenis. Soos Paulus opmerk, om ouers te eer en aan hulle onderdanig te wees, is een van die Tien Gebooie. Dit is ook 'n gebod met 'n *belofte van 'n lang en oorvloedige lewe*.

Hoe nou as u onenigheid in die huis het? Probeer om versoen te raak, indien dit enigsins moontlik is. Werk daaraan om dit moontlik te maak. 'n Minder volmaakte huwelik waar daar 'n vader en 'n moeder is, is dikwels vir alle betrokke partye beter as afsondering en egskeiding. Navorsers Paul Amato en Alan

Booth het tot die gevolgtrekking gekom dat “hoogstens een derde van die egskedings so ellendig is dat kinders onwaarskynlik enige voordeel daaruit trek. Die oorblywende nagenoeg 70% behels lae-konflik huwelike wat kinders baie minder sal benadeel as die werklikheid van 'n egskeding” (*“Two parents, even unhappy, are better”, Today, 7 Januarie 1998*).

Wat nou as u 'n enkelmoeder is? Moet nie probeer om u kinders teen hul vader te laat draai nie. Leer hulle om hom te respekteer soveel as wat hulle daartoe in staat is. Dit beteken nie om sy verkeerde gedrag te verdra nie, maar wel om hul te leer om hom te respekteer as 'n medemens. Selfs indien hul vader heeltemal afwesig is, of indien hy totaal ongeskik is om as rolmodel te dien, kan u nogtans u kinders leer om ander manlike gesagsfigure te respekteer. Dit sal hulle help om 'n groter mate van sekuriteit te bekom wanneer hulle hul weg deur die lewe moet vind en dit sal die weg voorberei vir 'n verhouding met hul Hemelse Vader. Dit sal hulle help om hul tot *bekering te bring* in hul eie verhouding met God. Dit mag hulle vrywaar van groot lyding in die jare wat voorlê (Spreuke 30:17).

Bou u huis

As 'n grondslag om kinders te leer om God te eer en hul ouers te respekteer, het moeders 'n spesiale verantwoordelikheid om van

haar huis 'n tuiste te maak. Ons lees: “Die wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af” (Spreuke 14:1). Bou u 'n huislike lewe van vrede, rustigheid en vreugde waar kinders kan grootword in 'n veilige en beskermde omgewing?

Spreuke 31 beskryf 'n moeder wat daarna streef om 'n warm, vreedsame en godvresende huis te bou. Sy is nie 'n geïdealiseerde “super-ma” nie, maar eerder 'n vrou wat haar godgegewe talente ten volle beoefen. Sy vrees God (vers 30), respekteer haar man sodat hy op haar vertrou (verse 11-12), voorsien klere en kos aan haar gesin (verse 13-15, 21-22), beheer haar tong en praat met vriendelike onderrigting (vers 26). Godvresende moederskap is nie 'n onbereikbare ideaal nie – dit behoort die doewit te wees van elke moeder wat daarna streef om God te volg.

In moderne Amerika is “tuis” dikwels weinig meer as slegs 'n gebou waar mense wat aan mekaar verwant is, slaap – waar daar weinig sinvolle interaksie tussen gesinslede is. Die televisie en die Internet neem deesdae baie van die volwassenes se tyd by die huis in beslag – omtrent 20 uur per week, volgens 'n onlangse peiling. Kinders het hierdie tendens waargeneem en streef dieselfde patroon in hul eie lewens na. In 2005 het 'n meningspeiling deur die *National Institute on Media and the Family*, berig dat kinders tussen die ouderdomme van 8

en 18 jaar, 44.5 uur per week voor die rekenaar, televisie of speletjieskerms deurbring.

As 'n moeder het u 'n unieke geleentheid om wisselwerking in u gesin aan te moedig – om u huis op te bou deur opregte gesinsbande. Hoe kan u dit vermag? Is daar 'n eenvoudige sleutel?

Eet saam. Dit is 'n eenvoudige stap maar met verreikende resultate en sal help om u kinders voor te berei om hul toekoms dapper tegemoet te gaan. Dr. Blake Bowden van die sentrum by die Cincinnati Kinderhospitaal het 'n opname gemaak van 527 tienderjariges om te probeer vasstel watter gesins- en leefstyl-eienskappe verband hou met geestelike gesondheid. “Wat hulle weereens waargeneem het is dat tienderjariges wie se ouers vyf of meer kere per week aandete saam met hulle genuttig het, minder geneig was om dwelms te gebruik, om depressief te wees of om met die gereg te bots. Hulle was ook geneig om beter te doen op skool en om omring te wees met 'n ondersteunende vriendekring ... Gesinsmaaltye bly steeds wonderlike geleenthede om die waarhede van ons geloof oor te dra. Namate die seëninge van die dag in oënskou geneem word, sien kinders bewyse van God se liefdevolle, getroue versorging en die belangrikheid om Hom te vereer deur 'n tyd vir danksegging” (*Bringing Up Boys*, bl. 92-93).

'n Moeder kan ook kommunikasie binne die gesin

bewerkstellig. Dr. Dobson gee hierdie advies: “Laat my toe om by u, moeders, aan te dring om gereeld met u seun (en natuurlik met elke ander lid van u gesin) te praat. Dit is 'n vaardigheid wat aangeleer kan word. Werk hard daaraan om die lyne van kommunikasie oop en suiwer te hou. Vind uit hoe u eggenoot en kinders voel en waarom hulle dink ... Wanneer u aanvoel dat teruggetrokkenheid besig is om te ontwikkel, moet nie toelaat dat nog 'n dag verloop voordat u die versteekte gevoelens uitbring het nie. Dit is die eerste beginsel van 'n gesonde gesinslewe” (ibid., bl. 96). Moet nie toelaat dat u huis slegs 'n bymekaarkomplek word waar verwante gesinslede kom en gaan nie – wees 'n katalisator vir werklike kommunikasie en u sal hulle help groei tot sterk jong manne en vroue.

In die moderne samelewing word moederskap beide “onderskat en oorge-romantiseer” (Barnhill, bl. 14). Dit behoort nie een van die twee te wees nie – dit is eenvoudig net die rol wat God voorsien het om te verseker dat die waarheid en die regte waardes aan die volgende geslag oorgedra word asook dat kinders in 'n omgewing opgevoed word waar hulle 'n godvresende karakter kan ontwikkel (Maleagi 2:15). Dit is jammer om te sê, maar die moderne samelewing gee

dikwels weinig aanmoediging en ondersteuning aan moeders wat graag “huislik” [tuisteskeppers] wil wees (Titus 2:5). Dorothy Patterson, 'n tuisteskepper en adjunk-fakulteitslid van Chriswell Kollege, verduidelik hierdie dubbele standaard: “Die grootste deel van die wêreld sal natuurlik saamstem dat dit heeltemal in orde is om 'n huishoudster te wees, solank dit nie in u eie huis is nie, om mans met beleefde bewondering te behandel solank die man die baas in die kantoor is en nie u eie man nie, om na kinders om te sien kan selfs as heldhaftig beskou word waarvoor presidensiële toekennings gegee kan word, solank dit net nie u eie kinders is nie”. Minder en minder moeders leer hul jong dogters hoe om 'n huishouding waar te neem. Na alles, “wie het tyd om te leer hoe om 'n huishouding te bestuur – veral as beplan word om nie baie tyd daar deur te bring nie?” (Chaney en McDonald, bl. 24-25).

In 'n krisisge vulde wêreld het moeders die unieke voorreg om 'n plek van vrede vir gesinslede wat onder groot spanning verkeer, te skep, deur hul huise gasvry, warm en verwelkomend te maak. Moeders kan 'n omgewing bevorder waar gesinslede kan leer om gereeld met die nodige respek en bedagsaamheid met mekaar te praat. Hulle kan hul kinders help

om goddelike sedelikheid aan te leer, oor God se weë te praat en te leer hoe om die lewe te benader.

Die apostel Paulus waarsku dat Christelike ouers sal moet bontstaan teen die einde van hierdie tydperk in die heersende tendense van die samelewing om hulle, “want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God” (2 Timotheüs 3:2-4). Moeders kan deesdae baie doen om te verhoed dat hul kinders in hierdie groefverval.

Kan moeders 'n verskil maak? U ouerskap mag nou wel nie in staat wees om die wêreld te red nie maar u kan egter u kinders opvoed en aanmoedig, hulle leer om God te gehoorsaam en hul ouers te respekteer. U sal hulle nie slegs op die regte pad na 'n gelukkige en godvresende volwassenheid help nie, maar u mag hulle selfs red van vernietiging saam met 'n verwarde en sondige geslag (Sprenke 23:13-14). Ja, moeders, u kan in hierdie tyd van krisis 'n verskil maak! **W&M**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Bestuur God wêreld-aangeleentheid?

Deur Douglas S Winnail

Wat hou die toekoms in vir die nasies van die wêreld? Het God enigiets met die toekoms te doen?

Gryp God werklik in mense sake in? Beslis Hy oor die opkoms en val van nasies? Of bepaal mense hul eie lot deur hul eie besluite? Deesdae wonder baie of daar werklik 'n God is – veral 'n God wat die geskiedenis lei. Nogtans, terwyl hulle oor God twyfel, het hulle geen twyfel oor die oorheersing van Westerse idees en militêre mag nie – wat hoofsaaklik uitgaan van noordwestelike Europa en Engeland en dan van die Verenigde State van Amerika. Soos die Engelse historikus John M. Roberts aandui, het hulle gesukkel om “die bron van die Weste se raaiselagtige mag” te verstaan (*The Triumph of the West*, bl. 21).

Vyf-en-twintig jaar gelede het die Italiaanse joernalis, Luigi Barzini, 'n vraag oordink wat vir dekades die denke van historici en staatsmanne besig gehou het: Wat het veroorsaak dat Brittanje 'n groot moondheid geword het? Barzini het gevra: “Hoe het die Britte dit gedoen? Hoe ... het 'n eiland aan die rant van die vasteland gestyg van primitiewe vuilheid na wêreldoorheersing?” (*The Europeans*, bl. 47). Barzini het, net soos baie ander, gespekuleer, maar geen werklike antwoorde gehad nie. Filosofe het soortgelyke vrae gevra oor Amerika se opgang tot

grootsheid. Wat het toegelaat dat 13 worstelende kolonies Engeland se militêre mag kon oorwin en die wêreld se magtigste nasie word? Was dit slegs maar 'n sameloop van o m s t a n d i g h e d e ? 'n Geskiedkundige toeval? Die gevolg van suiwer menslike besluite en optredes? Of was h i e r d i e b e l a n g r i k e wêreldgebeure deel van 'n algehele plan wat God besig is om hier op aarde uit te werk?

Geleerdes mag spot, maar die Bybel bevat talle profesieë wat lank gelede die opkoms en val van sekere nasies voorspel het en dit voorsien 'n raamwerk om die koers van gebeure in ons moderne wêreld te verstaan. Historiese anale toon hoe profesieë oor die laaste paar eeue vervul is – volgens skedule en in besonderhede. Wanneer ons eerlik die geheelbeeld van die wêreld se geskiedenis ondersoek, dan bewys profesieë sonder enige moontlikheid van twyfel dat God besig is om Sy doel uit te werk deur dingete laat plaasvind wat Hy 'n paar duisend jaar gelede in die Skrif voorspel het.

Bybelse profesieë verskaf 'n juiste en verstaanbare verduideliking van waarom die wêreld is soos dit vandag is – waarom sekere moderne nasies tot prominensie opgang gemaak

en ander agteruitgegaan het. U Bybel openbaar ook wat vir die leidende nasies van die Weste voorlê asook vir ander sleutel-nasies reg oor die wêreld.

Profesieë, beloftes en identiteite

Om die betekenis te begryp van belangrike gebeure wat die koers van moderne geskiedenis bepaal of laat verander, moet ons allereers let op wat God aan ons openbaar het oor hoe Hy op die aarde optree. Let op hoe Hy met Egipte se Farao te werk gegaan het. Om aan die wêreld se magtigste nasie die identiteit van die ware God te toon, het Hy Farao se hart verhard om nie Moses en die Israëliete toe te laat om Egipte te verlaat nie (Eksodus 7:3-5). Toe Farao se towenaars nie die wonderwerke van Moses en Aäron kon nadoen nie, het hulle aan Farao gesê: “Dit is die vinger van God!” (Eksodus 8:19). God verkondig in die Skrif dat Hy die toekoms kan voorspel en dit dan teweeg kan bring. “Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is God*, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen” (Jesaja

46:9-10). Dit is 'n aanspraak wat maklik getoets kan word, deur eenvoudig spesifieke Bybelse profesieë met geskiedkundige feite te vergelyk.

Bybelse profesieë kan ons help om te verstaan wat met moderne nasies gebeur het, as ons verstaan hoe hulle afstam van antieke nasies wat spesifiek in die Bybel genoem word. Byvoorbeeld, die Skrif noem die afstammeling van Abraham, Isak en Jakob 'n "uitverkore" volk wat die "kinders van Israel" geword het. As beloning vir sy gehoorsaamheid, het God aan Abraham belowe dat sy afstammeling 'n groot nasie sal word en 'n bron van seën vir al die nasies van die aarde sal wees (Genesis 12:1-3). God het aan Abraham belowe dat hy die vader van baie nasies sal wees en die stamvader van konings (Genesis 17:4-6), en dat sy nakomeling sal uitbrei na die noorde, suide, ooste en weste en beheer sal verkry oor die poorte van hul vyande (Genesis 22:17-18; 28:14). Hierdie belofte is oorgedra aan Jakob wat op sy beurt 12 seuns gehad het – die voorvaders van die 12 stamme van Israel (Genesis 35:23-26).

God het selfs nog meer verstommende belofte aan die seuns van Josef, Efraim en Manasse, gemaak, wat tesame met hulle broers "Israeliete" genoem sal word, vernoem na hul vader Jakob wie se naam na Israel verander is (Genesis 32:28; 48:16). God het belowe dat Efraim se afstammeling 'n menigte van nasies sou word, net soos die Britse Gemenebes geword het. Hy het belowe dat die afstammeling van Manasse 'n enkele groot nasie sou word,

soos die Verenigde State van Amerika geword het (Genesis 48:18-20). Ander profesieë onthul dat die afstammeling van Efraim en Manasse koloniserende volke sou word wat die uitgesoekte gedeeltes van die aarde sou bekom (Genesis 49:22, 25-26; Deuteronomium 33:13-16), hulle die teiken sou word van jaloerse vyande, maar sal oorwin (Genesis 49:23-24), asook dat hulle apart van hul broers sou woon (Genesis 49:26; Deuteronomium 33:16).

God het ook aan die kinders van Israel sy wette gegee – en 'n roeping. Hulle moes sierade en voorbeelde vir die wêreld wees deur te demonstreer dat gehoorsaamheid aan God se wette seëninge meebring (Deuteronomium 4:1-10). Ongelukkig het die antieke Israeliete gefaal in hul verantwoordelikheid en is weggevoer in ballingskap sonder om die geprofeteerde seëninge te ontvang. Die antieke Israeliete het nooit die poorte van hul vyande besit nie, hulle het ook nie die uitgesoekte gedeeltes van die aarde besit of groot nasies onder hul eie konings geword nie.

Betekend dit dat God nie sy belofte vervul het nie? Nee! Hy het dit slegs verdraag, op 'n wyse wat die Bybel verduidelik. In die boeke Daniël en Levitikus vind ons profesieë wat die *tydraamwerk* verduidelik van hoe die geprofeteerde seëninge uiteindelik oor die kinders van Israel sou kom. Aan Daniël was 'n profesie gegee aangaande "sewe tydperke" of 'n sewejarige periode van straf wat oor die Babiloniese koning Nebukadneser sou kom (Daniël

4:16, 25). Aan Moses was 'n soortgelyke profesie gegee, naamlik dat indien die Israeliete God nie sou gehoorsaam nie, hulle sewevoudig en dan weer 'n keer sewevoudig gestraf sal word (Levitikus 26:18, 21, 23-24). Sewevoudig kan egter sewe jaar (elk met 360 dae) beteken, soos dit in Nebukadneser se geval was. Dit kan egter ook 'n periode van sewe profetiese tydperke of 7 x 360 jaar ('n dag vir 'n jaar; vergelyk Esegieël 4:6) beteken – 'n periode van 2 520 jaar.

Is dit slegs maar 'n "toeval van die geskiedenis" dat die nasie van Israel na Assirië as ballinge weggevoer was in ongeveer 720 v.C. en dat Amerika en Brittanje begin uitstyg het tot wêreldprominensie teen ongeveer 1800 n.C. – ongeveer 2 520 jaar nadat hulle voorsate in ballingskap weggevoer was vir hulle sondes? Is dit nog 'n "toeval van die geskiedenis" dat die nasie van Juda ongeveer 604 v.C. in ballingskap weggevoer was – en Jerusalem van die Turke bevry is in 1917 – ongeveer 2 520 jaar later?

Hoewel skeptici hierdie profetiese vervullings as interessante toevallighede mag afmaak, begin baie ander profesieë wat betrekking het op die moderne afstammeling van antieke Israel, nou vervul word en dit tydens en na hierdie selfde periode. Spesifieke profesieë en belofte is in verstommende besonderhede gedurende die afgelope eeue vervul deur Amerika (Manasse) en Brittanje (Efraim) en die volke van Britse en Noordwes-Europese afkoms, wat versprei het om die uitgesoekte plekke van die

aarde te koloniseer, om beheer te verkry oor die poorte van hul vyande en om die Westerse idees oor die aarde heen uit te dra.

Soos die profesieë ook beskryf, woon die kinders van Josef (Efraim en Manasse – Brittanje en Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika) wel *afgesonderd* van hul Europese broers (Frankryk, Holland en België), hulle Skandinawiese broers (Denemarke, Noorweë, Swede en Finland), asook van die Joodse nasie van Israel. Die profesieë van Genesis 49 en Deuteronomium 33 voorsien leidrade om die verskillende Israelitiese nasies “in die eindtyd” te kan identifiseer. Deur kennis te neem van die geprofeteerde karaktertrekke en na die geskiedenis te kyk, kan ons herken watter nasies teen die einde van hierdie tydperk aan spesifieke aspekte van hierdie gedetailleerde profesieë en beloftes voldoen.

Die opkoms en val van nasies

In die 1400's en 1500's het Portugese en Spaanse seevaarders uitgevaar op ontdekkingsreise om dele van die wêreld op te eis en hul Rooms-Katolieke geloof te versprei. Die pous het vanuit Rome in 1500 n.C. tussenbeide getree om hul mededingende aansprake op die “nuwe wêreld” te besleg. Hy het die grootste deel van die nuwe gebied aan Spanje toegesê, maar wat nou Brazilië en die grootste deel van Afrika is het na Portugal gegaan. Oor die volgende eeu het die Hollanders, die Franse en Britte ook ontdekkingstogte onderneem en nuwe gebiede

opgeëis.

Die nasies wat ons moderne wêreld oorheers het, het begin uitstyg as moondhede toe Filippus van Spanje in 1588 met sy Armada 'n aanval geloods het teen Brittanje. Filippus het 130 skepe, 2 500 kanonne en 30 000 soldate gestuur in 'n poging om Protestantse Brittanje terug te bring na die Rooms-Katolieke kraal. 'n Swaar storm het egter die Armada voos geslaan nog voor dit arriveer het en die vinniger Engelse skepe met hul langafstand kanonne het die Spaanse Armada gepeper toe hulle in die Engelse Kanaal op beweeg het, met die gevolg dat die Spaanse skepe noordwaarts na Skotland gevlug het – agtervolg deur Engelse skepe wat byna sonder ammunisie geraak het. Toe hulle om Skotland en Ierland vaar, het baie van die Spaanse skepe gestrand en verlore geraak in 'n noordAtlantiese storm – 'n storm wat Engeland beskou het as God se ingryping. “Die neerlaag van die Spaanse Armada lui die ondergang van Spanje en die opkoms van Engeland as 'n wêreldmoondheid in” (*The Battle 100*, bl. 54, Lanning).

Onthou, God het voorspel dat die afstammeling van Josef groot nasies sou word – die *S p a n j a a r d e* is nie afstammeling van Josef nie. God het begin om Sy antieke beloftes te verwesenlik.

In die middel van die 18de eeu het mededingende aansprake in Kanada en die Ohio-vallei gelei tot botsing tussen die Engelse en die Franse. In die veldslag van Quebec in 1759, het die Engelse troepe die Franse verslaan en volgens ooreenkoms die hele

gebied waarop Frankryk op aanspraak gemaak het oos van die Mississippirivier en noord van die Groot Mere, verkry. Dit kom daarop neer dat die hele Kanada toe aan Engeland behoort het. Tussen 1759 en 1805 het die Engelse vloot die Franse vloot oortuigend verslaan in die Baai van Quiberon en by Trafalgar. In 1815 het 'n gekombineerde mag van Britte, Hollanders, Belge en Pruise, gelei deur die Britse Hertog van Wellington, Napoleon verslaan in die slag van Waterloo. 'n Reënstorm die nag voor die geveg het Napoleon gedwing om sy aanval te vertraag, wat tyd aan die Pruise verleen het om te arriveer en die magsbalans te laat oorhel na die Britte. Napoleon se nederlaag, aangehelp deur 'n reënstorm, het 'n einde gemaak aan die Franse oorheersing van Europa.

In 'n profetiese sin was die wedywerings by Quebec, die Baai van Quiberon, Trafalgar en Waterloo wedywerings tussen Efraim (Brittanje) en Ruben (Frankryk). God het voorspel dat Efraim, volgens Sy plan, 'n groot nasie sou word en sou seëvier, maar Ruben sou “die vernaamste nie wees nie” (Genesis 48:19; 49:3-4).

Ongeveer dieselfde tyd het die Verenigde State begin opgang maak na grootsheid. Gedurende die laat 1700's het die Amerikaanse koloniale weermag onder George Washington die magtiger Britte teengestaan en uitoorlê, dikwels met die hulp van gunstige weersveranderinge op presies die regte tyd (soos tydens die veldslag van Long Island en Yorktown), asook deur 'n

kombinasie van dapper besluite deur Washington (soos te Trenton) en swak besluite deur die Britse bevelvoerders (soos te Saratoga). Die Britse oorgawe te Yorktown in 1781, een van die mees invloedryke veldslae in die geskiedenis, het gelei tot die onafhanklikheid van die Verenigde State en het Amerika op die pad gesit om die wêreld se welvarendste nasie te word en uiteindelik die enigste supermoondheid. In profetiese terme het Manasse (Amerika) en Efraim (Engeland) afsonderlike nasies geword – 'n groot nasie en 'n groot gemenebes van nasies – dit is presies wat gebeur het as gevolg van die Amerikaanse Revolusie. Ten spyte van die verlies van die Amerikaanse kolonies, het Engeland voortgegaan om 'n oorsese ryk op te bou “waaroor die son nooit gesak het nie” – en 'n menigte van nasies of 'n gemenebes van nasies geword – net soos God duisende jare gelede voorspel het.

Wonderwerke en Wêreldoorlog

Sommige van die moderne geskiedenis se verstommendste voorbeelde van goddelike ingryping het plaasgevind tydens die “donker dae” van die Tweede wêreldoorlog. In die somer van 1940 het die Duitse “blitzkrieg” 400 000 geallieerde troepe teen die Europese kus naby Dunkirk, Frankryk, vasgedruk waar die Britse militêre-bepanners die grootste nederlaag in hul geskiedenis verwag het. Nogtans, te wyte aan 'n taktiese flater, het Hitler skielik die oprukking van die

Duitse tenks gestop net toe hulle wou toeslaan. Die Koning van Engeland het 'n nasionale dag van gebed aangekondig en derduisende mense het na die kerke gestroom. Tydens die nege dae van die Dunkirk-ontruiming het die normaalweg onstuimige Engelse Kanaal so kalm soos 'n visdam gebly – terwyl 'n storm oor Vlaandere losgebars en die Duitse Luftwaffe verhinder het om op te styg. Hierdie onvoorsiene gebeure het toegelaat dat bykans 338 000 onvervangbare soldate kon oorleef om weer te veg – 'n verstommende ontwikkeling wat die Britse Eerste Minister, Winston Churchill, die “wonderwerk van verlossing” genoem het. Duisende Engelse het die eer aan God gegee soos Walter Lord geskryf het in *The Miracle of Dunkirk* (bl. 272-274).

Die Britte het God gedank en 'n beroep op Hom gedoen vir Sy ingryping. Tydens die Slag van Brittanje, terwyl Duitse en Britse vliegtuie in die lug oor Brittanje en die Engelse Kanaal geveg het, het die Koning weer 'n Nasionale Dag van Gebed uitgeroep. Eerste minister Churchill het oor die radio aangekondig: “Terwyl ons onself nederig voor God stel, *maar bewus is daarvan dat ons 'n openbarende doel dien*, is ons gereed om ons vaderland te verdedig ...” (*We have a Guardian*, Grant, bl. 13). Na die Slag van Brittanje het die bevelvoerder van die Koninklike Lugmag opgemerk: “Ek sê dit met absolute oortuiging, dat ek God se ingryping kan volg, nie slegs in die geveg self nie, maar in gebeure wat daartoe gelei het

... dit was alles deel van 'n magtige plan” (Grant, bl. 19). Toe die Britse troepe in Egipte saamgetrek was vir die Slag van El Alamein, is nog 'n Nasionale Dag van Gebed in Brittanje uitgeroep. Generaal Bernard Montgomery, wat die Britse leer te El Alamein aangevoer het, het sy troepe as volg aangemoedig: “Die soldate moet geloof in God hê”, en aangekondig: “Laat ons bid dat die Here, wat magtig is in oorlog, ons die oorwinning sal gee” (Grant, bl. 30-31). Die Britte het die hand van God gesien in hoe dinge plaasgevind het – nie slegs was die Duitse bevelvoerder, Erwin Rommel, weg in Duitsland toe die geveg begin het nie, maar sy tydelike plaasvervanger, Generaal Georg Stumme, het aan 'n hartaanval gesterf onderweg na die gevegslinie. Die Duitsers se Afrika-korps het later teruggeval nadat hulle hewige verliese gelei het.

Toe die Geallieerdes troepe aan wal gesit het aan die Atlantiese kus van Marokko, die kus van Sicilië en die strande van Normandië, was die hand van God sigbaar in die merkwaardige omstandighede van hierdie pogings. Vir die inval in Noord-Afrika laat in 1941, het 'n vloot van 650 skepe uit Amerika en Brittanje na Casablanca geseil *sonder om opgemerk te word* deur die Duitse vliegtuie of duikbote, omdat baie van die skepe verberg was deur 'n “stormbui wat gelyk het of dit saam met ons skepe gevaar het” (Grant, bl. 31-34, 49). Slegte weer was voorspel, wat landing sou bemoelijk of onsuksesvol kon maak – nogtans het die

Vervolg op bladsy 8

Vrae & Antwoorde

Vraag: Ek het altyd verstaan dat wanneer Christene sterf, hulle siele reguit na die hemel gaan om saam met Jesus te wees. Hoe behoort ek dan Skrifgedeeltes soos Prediker 9:5 te verstaan wat sê: "... die dooies weet glad niks nie". Wat gebeur dan wanneer ons sterf?

Antwoord: Mense interpreteer dikwels verskeie belangrike Skrifgedeeltes verkeerd wanneer hulle probeer om die waarheid te verstaan van wat gebeur by afsterwe. Jesus het aan een van die misdadigers wat langs Hom gekruisig was, gesê: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Lukas 23:43). Beteken dit nou dat Jesus en die misdadiger daardie selfde dag saam na die hemel gegaan het? Dit kan mos nie wees nie! Christus het dan duidelik onderrig dat Hy drie dae en drie nagte in die graf sou deurbring – en Hy het dit "die teken van die profeet Jona" genoem (Mattheus 12:39-40). Indien Jesus en die misdadiger op die dag van kruisiging na die hemel gegaan het, dan het Hy mos nie die teken wat Hy belowe het vervul nie!

Wat het Jesus dan bedoel? Die Griekse taal van die Bybel beskik nie oor die leestekens wat ons aanneem in die Engelse of Afrikaanse teks nie. Die vertalers het dus hul eie bedrieglike leerstellings op die eenvoudige Griekse teks oorgedra. Jesus het werklik aan die misdadiger gesê dat hy saam met Hom in Sy Ryk sal wees, maar die woord "vandag" verwys nie na "Paradys" nie, maar eerder na "Ek sê vir jou". Jesus het die misdadiger verseker van sy toekomstige hoop, nie die ontkenning van die teken van Sy Messiaskap nie.

In die Nuwe Testament lees ons dat God antieke Koning Dawid "n man na my hart" noem (Handelinge 13:22). Dawid word in Hebreërs 11 onder die helde van die geloof gereken. Nogtans sê die apostel Petrus die volgende aangaande Dawid: "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe" (Handelinge 2:29). Hy gaan voort om te beklemtoon: "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (vers 34).

Ons lees: "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13). Beteken dit dat ander mense ná Hom na die hemel opgevaar het? Nee! Die dooies is nou sonder bewussyn en sal so bly totdat God hulle bewuste sal herstel, wanneer: "... baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgrysig" (Daniël 12:2). Slegs Jesus Christus het na die hemel opgevaar.

Toe die apostel Paulus 2 Korinthiërs geskryf het,

het hy nog steeds Christus se Wederkoms tydens sy eie leeftyd verwag. Dit is die rede waarom hy skryf: "Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word" (2 Korinthiërs 5:2). Paulus het reikhalssend uitgesien na die geestelike liggaam wat Christus met Sy Wederkoms aan hom sal gee. Dit is in hierdie konteks dat hy van sy verlange skryf. Hy het nie geskryf, soos sommige mense verkeerdlik aanvaar, dat "om ... uit die liggaam te woon is om by die Here in te woon" nie. In sy afwagting van verandering van materie na gees, skryf hy dat hy "ver kies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon" (vers 8).

Paulus het uiteindelik verstaan dat Christus se Wederkoms later sal wees as wat hy aanvanklik aangeneem het, aangesien sekere geprofeteerde tekens eers moet plaasvind (2 Thessalonicense 2:1-12). Hy het egter nooit getwyfel aan sy begrip van wat gebeur by afsterwe nie. Paulus skryf: "Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring" (1 Thessalonicense 4:13-14). Hierdie "ontslapenes" verkeer nie in 'n geheimsinnige soort semi-bewustheid nie. Jesus, wat gesterf het, beskryf Sy dood op hierdie wyse: "Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees" (Mattheus 12:40). Is die hemel die "hart van die aarde?" Nee! Wanneer iemand sterf, is dit soos die Psalm digter sê: "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan" (Psalm 146:4). Jesus het geen planne beraam terwyl Hy dood was nie. Net so sal ons ook nie. Die dooies wag nie in die hemel rond as liggaamlose bewussyn nie. Hulle is bewusteloos, (Prediker 9:5) en sal so bly totdat God hulle opwek.

Om meer te wete te kom oor hierdie onderwerp wat so dikwels verkeerd verstaan word, skryf gerus om u gratis kopie van ons boekie: *U uiteindelige lotsbestemming*. Dit sal aan u die eenvoudige waarheid van u Bybeluitwys en noodsaaklike inligting openbaar wat u nog nooit voorheen verstaan het nie.

WVW

Profesie neem

Die tye van die nasies

Nader ons nou 'n beslissende draaipunt in die geskiedenis? *Neem* antieke profesieë deesdae *gestalte aan*? Jesus het nie die vraag ontduik toe Hy as volg gevra was: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" Hy het aan Sy dissipels gesê om op die uitkyk te wees vir 'n hele reeks spesifieke gebeure: Die opkoms van militante godsdienstige aktiwiteite, die verspreiding van etniese geweld en oorlog, die onstuimigheid van die weer (droogtes, oorstromings en natuurrampe), die tragedie van voedseltekorte en hongersnood en die beroering van ekonomiese ontwrigtings.

Baie Bybelse profesieë beskryf hierdie veelbewoë eindtyd as "die tye van die nasies" – 'n tyd wanneer opkomende heidense nasies weer die wêreldverhoog sal domineer. Daardie antieke profesieë neem nou gestalte aan. Wat beteken hulle?

Antieke profesieë

Baie eindtydse profesieë fokus op dinge wat in die Midde-Ooste gaan gebeur en sluit die stad Jerusalem in. Dit is hoe Jesus een deurslaggewende gebeurtenis in die eindtyd beskryf: "En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is ... Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan

word (Lukas 21:20-22). Christus het ook voorspel dat "Jerusalem sal *vertrap word* deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Lukas 21:24). Die Griekse woord vir *vertrap* beteken "op getrap word, onder die hak van" en hierdie uitdrukking is op verskeie maniere vertaal. "Jerusalem sal onder die voet vertrap word deur die heidene ... deur vreemdelinge ... heiden voete sal Jerusalem vertrap" en baie van die stad se inwoners sal as gevangenes weggevoer word na ander nasies toe (Lukas 21:24). Die uitdrukking "totdat die tye van die nasies vervul is" is ook vertaal: ... "totdat hulle dag oor is" of "totdat die tyd wat aan die heidene gegun is verstryk het" of "totdat die tyd van oorheersing deur heidene tot 'n einde gekom het" (sien *The New Testament from 26 Translations*). Die apostel Johannes skryf dat ná aan die einde van hierdie tydvak, dan word die voorhof van die Tempel in Jerusalem "aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande [1 260 dae of 3½ jaar] lank vertrap" (Openbaring 11:1-2). Die woord wat as "heidene" vertaal word verwys na diegene wat nie afkomstig is van die antieke stamme van Israel en Juda nie. Dit verwys dus na nasies soos Duitsland, Rusland, China en Egipte, wat 'n rol gaan speel in die vervulling van eindtydse profesieë.

Hierdie Nuwe-Testamentiese profesieë

herhaal en brei uit op profesieë wat in die Ou Testament gevind word. Sagaria het voorspel dat gedurende die "dag van die Here" aan die einde van hierdie tydvak, al die nasies versamel sal word "om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem ... en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap" (Sagaria 14:1-2). Die "helfte" wat in ballingskap sal gaan, sal bes moontlik Oos-Jerusalem wees – die Joodse helfte! Esegjël beskryf die "Dag van die Here" as "'n dag van wolke; die tyd van die nasies" (Esegjël 30:3). Daniël voorspel dat die wêreld oorheers sal word net voor Jesus Christus se Wederkoms deur die finale herlewing van 'n nie-Israëlitiese mag met geskiedkundige wortels in die Romeinse Ryk (Daniël 2:40-45). Daniël voorspel dat 'n bese eindtydse leier van hierdie "Diermoonheid" wat in Europa gesetel sal wees, 'n einde sal maak aan die daaglikse offerandes in Jerusalem en die "ontsettende goddeloosheid" sal opstel (Daniël 8:13), waardeur die heiligdom en die inwoners van Jerusalem vertrap gaan word – net soos Jesus Christus gewaarsku het (Mattheüs 24:15; Lukas 21:24).

Swaar tye aan die kom

Hoedanig sal die "tye van die nasies" wees? Sal 'n wêreld wat deur heidense regerings oorheers word, vrede na die wêreld bring? Gee ag daarop dat Christus voorspel die einde van die tydvak sal godsdienstige en

gestalte aan

etniese twis beleef, asook oorloë en gerugte van oorloë, die verspreiding van siektes, natuurrampe en die vervolging van diegene wat in die waarheid van die Skrif glo (Mattheüs 24:3-10). Jesus waarsku aangaande toestande gedurende hierdie tydperk van heidense oorheersing. “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie” – tensy God ingryp in wêreld-aangeleenthede (Mattheus 24:21-22).

Die apostel Paulus waarsku: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom” – tye wat gekenmerk sal word deur selfsug, hebsug, ongevoelige en onmenslike dade, losse sedes, najaag van wellustige plesier, oppervlakkige godsdienstigheid en haat vir Bybelse waardes (2 Timotheüs 3:1-5). Paulus voorspel ook: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en *verleidende geeste en leringe van duiwels* sal aanhang deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete, wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel” (1 Timotheüs 4:1-3). Paulus voorsien dat in die tye van die heidene, demoniese geeste en misleidende idees mense sal lei om die waarheid van die Skrif te verdraai en om hulle eie,

onbybelse leerstellings te versin wat selibaatheid, vegetarisme en ander praktyke sal instel in die plek van God se eie duidelike wette.

Die apostel Johannes voeg 'n ander profetiese besonderheid by wat duidelik maak waarom die tye van die heidene so verskriklik gaan wees: “En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak ... die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp ... wee die bewoners van die aarde ... want die duiwel het na julle neergedal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:7-12). Dit is noodsaaklik dat Jesus moet terugkeer om 'n totale ramp op aarde af te weer!

Terugkeer van die heidene

Is “die tye van die nasies” *werklik* aan die kom? Het ons by 'n kruispad in die geskiedenis gekom? Neem die profesieë van die Bybel deesdae regtig gestalte aan? Wanneer ons na die geheelbeeld van die geskiedenis kyk en dit in aanmerking neem wat geleerdes in internasionale verhoudings verstaan, behoort die antwoord duidelik te wees. Oor die laaste 400 jaar het die nasies van Westelike Europa en die idees van die Westerse beskawing die wêreld oorheers en gevorm. Engeland het 'n

globale ryk versamel. Die Verenigde State het nie slegs die rykste en magtigste nasie geword wat die wêreld nog ooit gesien het nie, maar ook die borg van wêreldwye stabiliteit. Die dramatiese opkoms van Engeland en Amerika tot moondhede is uniek in die wêreldgeskiedenis, en vervul die profesieë in die Bybel aangaande die Israeliete – die afstammeling van Jakob en Josef (sien “Bestuur God wêreld-aangeleenthede?” elders in hierdie uitgawe).

Gedurende die afgelope dekades het hierdie prentjie egter begin verander, 'n ander dramatiese verandering is nou onderweg. Soos geskiedskrywer, Samuel Huntington, opgemerk het, geleerdes erken dat “die uitbreiding van die Weste” in die laaste 50 jaar tot 'n einde gekom het en dat “die opstand teen die Weste begin het” (*The Clash of Civilizations*, bl. 53). Aangaande die “verval van die Weste” skryf Huntington: “Europese kolonialisme is verby; Amerikaanse leierskap is besig om te taan ... Ons sien 'die einde van die progressiewe era' oorheers deur Westerse ideologieë en sien nou in die plek daarvan 'n 'opstand teen die Weste’” – die “her-Islamisering” van die Moslem gemeenskappe, die “Hindoelisering” van die politiek in Indië en die “Asiatisering” van lande in die Verre Ooste – namate nie-Westerse nasies die *meerderwaardigheid* van hulle

waardes weer verklaar en daarna streef om magtige spelers op die wêreldverhoog te word (*ibid.*, bl. 91-95). Wanneer hy na vandag se geopolitiek kyk, stel Huntington dit so: “Die mag verskuif van die lank-dominante Weste na nie-Westerse beskawings” (*ibid.*, bl. 29). 'n Asiatiese kritikus van die Weste noteer: “Vir die eerste keer sedert ... 1948, is lande wat *nie* deeglik onderleg is in die Judeo-Christelike natuurlike wet tradisies nie, in die voorste linie. Daardie ongekende situasie sal die nuwe internasionale politiek van menseregte definieer. *Dit sal ook die geleentheid vir konflik vermeerder*” (*ibid.*, bl. 196-197).

Vir geleerdes wat wêreldaangeleentheid bestudeer, kom die jare wat binnekort voorlê, onheilspellend voor. Huntington sluit af: “Op 'n wêreldwye basis wil dit voorkom asof die beskawing in baie opsigte toegee aan *barbarisme*, wat die voorkoms van 'n onbekende verskynsel genereer, 'n wêreldwye Donker Eeu, wat moontlik op die mensdom neersak ... botsings van beskawings is die grootste bedreiging vir wêreldvrede” (*ibid.*, bl. 321). Zbigniew Brzezinski, wat aan die Amerikaanse President, Jimmy Carter, diens gelewer het as Nasionale Veiligheidsadviseur, het geskryf dat “die enigste

werklike alternatief vir Amerikaanse wêreldwye leierskap ... *internasionale anargie is*” (*The Grand Chessboard*, bl. 195). Sodanige gevolgtrekkings oor die agteruitgang van die Weste – hoofsaaklik oor die ondergang van nasies wat van antieke Israel afstam – weerspieël eindtydse profesieë van die Bybel oor “die tye van die nasies” wat die einde van hierdie tydvak sal kenmerk. Ons beleef tans 'n beslissende draaipunt in die geskiedenis namate hierdie profesieë *gestalte begin aanneem*.

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 13 – Bestuur God wêreldaangeleentheid?

hout-vliegdekke van die Japannese vliegdekskepe laat val wat besaai was met bomme, torpedo's en vliegtuie vol brandstof. In slegs vyf of ses minute was drie swaar vliegdekskepe – die trots van die Japannese vloot – geruk deur geweldige ontploffings, verswelg deur rook en vlamme en op pad na die bodem van die Stille Oseaan. 'n Vierde vliegdekskip is gou daarna vernietig, tesame met 275 vliegtuie en 4 000 onvervangbare soldate – met inbegrip van ervare vlieëniers en een van Japan se briljantste bevelvoerders wat verkies het om saam met sy skip te sink. Hierdie skielike, dramatiese en onverwagte ommeswaai het die koers van die oorlog in die Stille Oseaan binne minute verander. “Voor Midway het Japan slegs oorwinnings ervaar, na die slag het hulle 'n reeks neerlae gelei” (Lanning, bl. 150).

Baie moderne skrywers beskryf hierdie gebeurlikhede as verbasende deeltjies geluk. As ons dit egter as deel van die geheelbeeld beskou, dan illustreer dit hoe God herhaaldelik ingryp om die uitkoms van wêreldgebeure te bestuur, ten einde Sy doel te verwesenlik.

God se goddelike doel

Baie leiers wat God se herhaalde en wonderbaarlike ingryping in hulle guns gedurende die Tweede wêreldoorlog gesien het, het 'n sterk oortuiging ontwikkel dat hulle deel was van 'n **goddelike plan** wat baie groter as hulself is. Vandag egter, vind die kinders en kleinkinders van die Tweede wêreldoorlog se veterane dit dikwels modieus om 'n goddelike doel in hul lewens te ontken. Die meeste mense in vandag se nasies wat van antieke Israel afstam – nasies

wat deur God geseën en gered is uit ernstige beproewings – het die lewensbelangrike lesse van hul eie geskiedenis vergeet. Manasse en Efraim – Amerika en Brittanje, sowel as die nasies van Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika – is vasgevang in 'n “na-Christelike” wêreld waar miljoene nie slegs twyfel dat God wêreldgebeure lei nie, maar selfs dat Hy geheel en al bestaan. Ander Israelitiese nasies, met inbegrip van Frankryk, Holland, België en Skandinawië het by hul broers aangesluit deur handelswyses en gesindhede aan te hang wat die Bybel duidelik as gruwels veroordeel. Die Weste se losbandige lewenswyses, gewelddadige en seks-beklemtonende rolprente en krasse musiek word regoor die wêreld uitgevoer.

Die moderne Israelitiese nasie is jammerlik onbewus van Bybelse profesieë wat 'n aaklige

toekoms voorspel vir nasies wat hulle van God distansieer. Moses het die kinders van Israel gewaarsku: “Neem jou in ag dat jy die HERE jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie ... [want God sê] as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag ... En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word ... En Ek sal julle trotse mag verbreek ... En Ek sal julle onder

die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word. En hulle sal struikel die een oor die ander soos vir die swaard, alhoewel niemand agtervolg nie; en julle sal voor julle vyande nie kan standhou nie. Maar julle sal omkom onder die nasies ...” (Deuteronomium 8:11-20; Levitikus 26:15-17, 19, 33, 37-38).

Ons het gesien hoe God in die verlede ingegryp het. Wat sê die Bybel aan ons, wat sal Hy in die toekoms doen? God waarsku dat Hy die Assiriërs (Duitsland) teen die moderne nasies van Israel (die Amerikaners en die nasies wat van die Britte afstam) sal

gebruik. Die Skrif dui aan dat die moderne afstammeling van antieke Israel sal struikel – saam met die Joodse nasie van Israel – en verlate sal word as gevolg van hulle sondes (Jesaja 10:5-6; Hosea 5:1-12). Dit is 'n sombere toekoms wat op ons wag, tensy ons gewillig is om ons te bekeer en ons te distansieer van ons Godverwerpende weë wat Sy wette en Sy doel misken. Net soos antieke Egipte wat Sy plaë beleef het, sal die hele wêreld ook binnekort nie meer in staat wees om te ontken dat God bestaan en Sy doel hier op aarde uitwerk nie. Indien ons wys is, sal ons nou daarna streef om onself in harmonie met daardie doel te bring. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

regering wat by magte is om die stryd te voer teen menslike hartstogte wat nie in toom gehou kan word deur moraliteit en ware geloof nie. Ons grondwet is slegs gemaak vir 'n morele en godsdienstige nasie. Dit is heeltemal ontoereikend vir die regering van enige ander”.

Wat behels 'n “morele en godsdienstige nasie”? Miljoene Moslems regoor die aardbol voel dat “Amerikaanse demokrasie” die wêreld toegegooi het met vieslike rolprente, tydskrifte en musiek wat ongeoorloofde seks en geweld verheerlik, families uitmekaarskeur en God belaster. Dit is moeilik om dit te ontken! Amerikaners behoort te onthou dat 'n onlangse Hoof-uitvoerende beampte wat gekonfronteer is met getuienis oor sy eie immorele gedrag, dit moeilik gevind het om te definieer wat is “wat”! Hy het behendig vrae oor sy dade ontduik en gesystap, maar op die ou end het hy nogtans bekend geraak as 'n flirt – 'n *diep immorele* persoon – wat werklik 'n gruwelike voorbeeld as President van ons nasie gestel het.

Meer onlangs het die staat van New York sy

Goewerneur verloor toe dié bedank het omdat hy gekonfronteer was met getuienis van sy betrokkenheid met 'n “hoë profiel” prostituut! Verstommend, het die voormalige Adjunk-goewerneur, nadat hy ingesweer was as Goewerneur, erken dat hy en sy vrou buite-huwelike verhoudings gehad het! Dit lyk of die meeste burgers eenvoudig maar “met die stroom saamgaan” met so baie immorele situasies in die regering – en inderwaarheid, *regdeur ons hele gemeenskap*. As gevolg van die konstante dromslae van die media – wat ontug, owerspel, homoseksualiteit en ander perversies wat 'n losse lewenstandaard aanmoedig – raak sodanige gedrag heeltemal “aanvaarbaar” vir ons veronderstelde “Christelike” nasie!

Ons moet ophou om onself te bluf!

Indien die God van die Bybel werklik bestaan – en Hy bestaan wel! – sal Hy nie so 'n immorele nasie baie langer seën nie! “Westerse demokrasie” produseer nie meer die tipe leiers wat dit voorheen gedoen het nie. Ons leiers word toenemend oorweldig deur katastrofes wat hulle

minder in staat is om te hanteer en dit sal grootliks die aansien en mag van Amerika en die nasies wat van die Britte afstam, verswak. 'n Liefdevolle God sal hierdie katastrofes gebruik om mense tot die besef te **skud** van hoe kwesbaar hulle is. Die mense van Amerika, en sy bondgenote wat van Britse afkoms is, is bestem om *verneder* te word – om werklik **verootmoedig** te word deur nasionale beproewings *erger* as **enigiets** wat hulle nog ooit ervaar het!

Die Ewige God sê aan ons: “Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?” (Amos 3:7-8). Ons in hierdie Werk van die lewende God het baie jare vir u *presies* vertel wat gaan gebeur! Baie van u besef dit. Besef u egter hoe die voorspelde eindtydse gebeure besig is om te versnel – dit raak ons daaglikse lewe, ons lewenstandaard, ons regering en ons gevoel van sekuriteit op wyses soos nog nooit tevore nie?

Dus, *wat lê* nou werklik vir Amerika voor in die onmiddellike toekoms?

Die ware Jesus Christus van die Bybel gaan binne die leeftyd van die meeste van u wat nou hierdie tydskrif lees, terugkeer om op 'n troon in Jerusalem te sit en oor hierdie hele wêreld te **regeer**! Die Bybel praat duidelik hiervan, van die een kant tot die ander kant – alhoewel die meeste belydende Christene nooit daarvan geleer is nie. Christus sal die “Koning van die konings en die Here van die here” wees – en *reg hier op hierdie aarde* regeer, gelei en gemagtig deur die Almagtige God, die Vader (Openbaring 19:15-16).

Gedurende daardie tyd, hoedanig sal Christus se **regering** in werklikheid daar uitsien, en waarmee sal vandag se ware Christene – *ware heiliges* van God – besig wees? Sal hulle in die hemel wees en *niks doen nie*, of sonder om te werk net op harpe speel?

U Bybel sê: “**Nee!**”

Inteendeel, God se woord beskryf duidelik die ware regering wat op hierdie aarde ingestel gaan word, en die rol wat **u**, lesers, dan daarin mag speel – **indien** u 'n ware Christen en

“oorwinnaar” word met God. Die apostel Paulus was geïnspireer om te skryf: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6:2-3). Paulus gaan dan voort om te verduidelik hoe die Christene in Korinthe veronderstel was om te leer hoe om *God se regering in die Kerk te beoefen* deur probleme onder hulleself reg te “oordeel”. Ons wat ware Christene is, moet leer om die *korrekte vorm van regering* te beoefen – want *daardie* soort regering gaan binnekort oor hierdie hele aarde regeer! Sal dit 'n “demokrasie” wees? Nee! Die Skrif wys, van Genesis tot Openbaring, dat ampte in God se regering altyd gevul is *deur aanstellings* – **nie** deur politiekery of misleidende beloftes wat gemaak word om stemme te “koop” nie.

Jesus belowe: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Ons wat dus gewillig is om ons Skepper te gehoorsaam, moet leer om ons menslike selfsug te oorwin, en deur middel van God se Gees leer om *nou* God se regering **te beoefen**!

Mag ons begin om te *hunker* na God se werklike *regverdige* en **liefdevolle** soort regering, wat ware vrede en voorspoed vir elke mens op hierdie aarde sal bring! Mag elkeen van ons sy deel doen om voor te berei om *in* daardie regering te wees en om die doel te vervul waarvoor God ware Christene gedurende hierdie tyd roep.

Christus se Koninkryk – *Sy regering* – kom **gou**. **Dit** is wat voorlê vir Amerika, en vir 'n baie verwarde en lydende wêreld. Mag God daardie dag verhaas!

